HUMANITAS
RGN • HSRC

# verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die republiek van suid-afrika en vir suidwes-afrika: deel III

'n nasionale onderwysstelsel vir epileptiese leerlinge deel III, volume 2

001.3072068 HSRC
O 21

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC<br>O 21 | 49388/0 |

## RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Telefoon: 483944 Telegramme: RAGEN

**President:** Dr. P.M. Robbertse

**Vise-presidente:** Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

**Sekretaris:** Mej. K.M. Henshall

### Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
Taal, Lettere en Kuns
Administrasie

### die RGN

, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die
dien die Regering en ander instansies van advies insake
singsbevindinge en versprei inligting betreffende die

049386

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# *VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA: DEEL III*

'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR EPILEPTIESE LEERLINGE DEEL III, VOLUME 2

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

0000384586

Verslag nr. **0-21**

Obtainab'

R1,55

001.3072068 HSRC O 21

0844363866

ISBN 0 86965 232 X

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOOR=
LIGTING

AAN DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD, PRETORIA,
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting lê hier=by Deel III volume 2 van sy verslag insake 'n nasionale onderwys=stelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwys=stelsel, aan die Nasionale Onderwysraad voor.

Die Komitee het verskeie kere vergader en vertrou dat die bespre=kings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie verslag ver=skyn, 'n bydrae gelewer het tot die doeltreffende reëling van die sake wat aan hom opgedra is.

J.B. Haasbroek

MNR. J.B. HAASBROEK VOORSITTER

LEDE:

DR. N.J. HEYNS N.J. Heyns

MNR. E.C. SMITH E.C. Smith

MNR. P.J. VAN DER MERWE P.J. van der Merwe

MNR. D.S. POTGIETER

MNR. W. VAN DYK W. van Dyk.

MNR. J.G.J. HORN

MNR. R.G. POST

MNR. F.P. VILJOEN

SEKRETARIËLE DIENSTE

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing het die sekretariële dienste gelewer.

Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
PRETORIA

1 Mei 1975

001.3072068
HSRC O21
G

049388 O

## LEDE VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING

| | |
|---|---|
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. VOORSITTER. |
| Dr. N.J. Heyns | Hoof: Sielkundige en Voorligtingsdiens, Departement van Onderwys, Kaapland. |
| Mnr. E.C. Smith | Hoofonderwysbeplanner, Natalse Onderwysdepartement. |
| Mnr. P.J. van der Merwe | Hoofinspekteur, Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. D.S. Potgieter | Hoof: Nuwe Hoop-skool vir Serebraal Gestremde Leerlinge, Pretoria. Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. W. van Dyk | Hoof: Transvalia-skool vir Epileptici, Pretoria. Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. J.G.J. Horn | Inspekteur-sielkundige, Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat. |
| Mnr. R.G. Post | Hoof: Sielkundige en Voorligtingsdiens, Departement van Onderwys, Suidwes-Afrika. |
| Mnr. F.P. Viljoen | Assistent-direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement. |

PERSONEEL VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

| | |
|---|---|
| Dr. A.J. van Rooy | Vise-president. |
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkun= dige Navorsing: Hoofprojekleier. |
| Dr. C.R. Liebenberg | Assistent-direkteur, Afdeling vir Didaktiese Navorsing. |
| Dr. A.E. Strydom | Assistent-direkteur, Afdeling vir Nie-Blanke Onderwysnavorsing. |
| Dr. S.W.H. Engelbrecht | Hoof: Afdeling vir Orto-, Psigo-, Sosiopedagogiese en Skoolvoorligting= navorsing. |
| Dr. H.C.A. Venter | Hoof: Onderafdeling vir Vergelyken= de Onderwysnavorsing. |
| Mnr. A. Nel | Hoof: Onderafdeling vir Skoolvoor= ligtingnavorsing. |
| Mnr. F.P. Groenewald | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. S.J. Maat | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. M. Gouws | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. P.G. van Z. Spies | Senior navorsingsbeampte. |
| Mnr. S.G. Lombaard | Senior Navorsingsbeampte. |

O P D R A G

## 1. INLEIDING

Na aanleiding van 'n besluit van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat navorsing insake gedifferensieerde onderwys en voorligting onderneem moet word, is daar op 6 Augustus 1964 op 'n vergadering van die Kontakliggaam ooreengekom om 'n "verkenningskomitee" onder voorsitterskap van die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*), en bestaande uit 'n senior amptenaar van elke onderwysdepartement, in die lewe te roep, en dat die funksie van hierdie Komitee sal wees -

"(a) om die vraagstukke van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bestudeer;

(b) om vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen word;

(c) om vas te stel wat die probleme is en watter navorsing nog onderneem behoort te word voordat daar pogings aangewend word om 'n gemeenskaplike aanvaarbare plan te ontwikkel."[1)]

Op 1 Oktober 1964 vergader die Komitee om 'n memorandum oor die grondslae vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bespreek. Die Komitee besluit dat -

"(a) 'n gewysigde memorandum met vrae vir beantwoording die lede se onderskeie departemente op of voor 8 Oktober moet bereik;

(b) die departemente se antwoorde die Voorsitter op of voor 30 Oktober 1964 moet bereik;

(c) 'n konsepverslag wat die departemente se antwoorde sal saamvat, daarna opgestel en so gou moontlik onder die lede gesirkuleer word; en

---

* Vanaf 1 April 1969 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geword.

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.8.1964 van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

(d) die volgende vergadering van die Verkenningskomitee voor= lopig vir 19 November 1964 belê word."[1]

Die tweede vergadering van die Komitee is op 26 November 1964 ge= hou om die verslag getitel "VERSLAG VAN DIE VERKENNINGSKOMITEE INSAKE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA" te bespreek. Die slotop= merking in hierdie verslag (par. 4, bl. 22) gee kortliks 'n weer= gawe van die gevolgtrekking waartoe die Komitee geraak het, en lui soos volg:

> "Soos dit uit die voorgaande verslag blyk, is al die onder= wysdepartemente nie ewe ver gevorder op die weg van gedif= ferensieerde onderwys nie, en die weë wat ingeslaan word, verskil in baie opsigte van mekaar. Daar is grootliks oor= eenstemming met betrekking tot wat onder gedifferensieerde onderwys verstaan moet word, terwyl alle onderwysdepartemente oortuig is van die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys. Die verskille tree na vore by die werklike toe= passing daarvan. Op hierdie stadium is dit nie moontlik om die probleme vir navorsing insake 'n gemeenskaplik aan= vaarbare plan te identifiseer nie, aangesien die probleme sal opduik wanneer daar oor so 'n gemeenskaplike plan besin sal word. Dit kom as wenslik en noodsaaklik voor dat daar op hierdie stadium met die ontwikkeling van 'n gemeenskap= like plan onverwyld 'n begin gemaak moet word."

2. OPDRAG

Die Komitee het sy verslag aan die Kontakliggaam gestuur en ver= dere opdrag afgewag. Op 1 Julie 1965 skryf die Voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) 'n brief aan die Voorsitter van die Komitee waarin die opdrag van die Kontakliggaam opgeneem is en wat soos volg lui:

> "It was decided as recommended the Reconnaissance Committee should as a matter of urgency make an immediate start to evolve a system of differentiated education and a system of guidance for the Republic which would be acceptable to all education departments and to the National Advisory Education Council."[2]

---

1) Notule van die Eerste Vergadering van die Verkenningskomitee insake Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting, par. 5.5, bl. 2.

2) Brief 5/3/2, gedateer 6.7.1965, van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

## 3. IMPLIKASIES VAN DIE OPDRAG

Die implikasies van die opdrag is dat oor 'n onderwysstelsel be=sin moet word -

(a) wat die doel met opvoedende onderwys as sodanig sal verwe=senlik;

(b) waarin die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die indiwidu sover moontlik tot ontplooiing sal kom om ook in die behoeftes van die volkshuishouding te voorsien; en

(c) waarin 'n gepaste stelsel van voorligting 'n integrerende deel van die onderwys sal wees.

## 4. DIE WERKPROGRAM

Kragtens die versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat die Nasionale Buro vir Op=voedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geestes=wetenskaplike Navorsing) die gegewens moet versamel wat die Komi=tee benodig [1)], het die Buro 'n memorandum oor 'n werkprogram ter uitvoering van die opdrag opgestel. Hierdie werkprogram is op 7 Desember 1965 aan die Komitee voorgelê vir bespreking.

Die werkprogram maak vir navorsing oor pre-primêre of voorskoolse onderwys, primêre onderwys, sekondêre onderwys en buitengewone onderwys of onderwys vir leerlinge met gestremdhede, en vir na=vorsing oor skoolvoorligting vir die genoemde onderwysvlakke voor=siening. Op grond van hierdie navorsing sal die Komitee 'n ver=slag uitbring en aanbevelings insake 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika doen.

"Die Komitee besluit om die voorgelegde memorandum met die nodige wysigings en byvoegings as die werkprogram te aanvaar"[2)] en die Komitee ".... sal na sy lasgewer gaan met 'n uiteensetting van hoe die Komitee sy opdrag sien ...."[3)]

---

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.9.1964, van die Nasionale Ad=viserende Onderwysraad, Buro-korrespondensieleêr N/Y/118/3.

2) en 3) Notule van die Derde Vergadering van die Verkennings=komitee (7.12.1965), onderskeidelik par. 5.3.1 en 5.3.2.

5. VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE INSAKE ONDERWYS VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE

Die Komitee het op -

20 Junie 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedif= ferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir serebraal ge= stremde leerlinge en vir epileptiese leerlinge te bespreek;

28 en 29 Augustus 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir swak= siende, blinde, dowe en swakhorende leerlinge te bespreek; en het op

17, 18 en 19 Februarie 1975 vergader om die verslae oor 'n stel= sel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir liggaamlik gestremde, verstandelik gestremde, pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge en swakhorende leerlinge te bespreek.

6. NAVORSING WAT DEUR DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING ONDERNEEM IS

6.1 NAVORSINGSPROJEKTE

Die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Gees= teswetenskaplike Navorsing het die werkprogram wat deur die Komitee goedgekeur is as grondslag gebruik om navorsingsprojekte van stapel te stuur om die Komitee in staat te stel om sy opdrag te kon uitvoer. Sowel die onderwysstelsels as die skoolvoorlig= tingstelsels vir leerlinge met gestremdhede op primêre en sekondêre onderwysvlak van oorsese lande, die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika is nagevors. 'n Deeglike literatuurstudie van relevante publikasies is gemaak. Ook is verkenning gedoen van gegewens wat op aanvraag deur onderwysdepartemente en buite= landse instansies aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verstrek is, en skole vir leerlinge met gestremdhede is deur die navorsers besoek om die onderwyssituasie vir hierdie leerlinge in die praktyk te verken en om met die personeel van die skole same= sprekings te voer. Om die nege breë navorsingsverslae en die nege Komiteeverslae oor 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwys= vlak met skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwysstelsel, te kon uitbring, is die volgende navorsingsprojekte deur die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing onderneem:

(1) Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge.

(2) Onderwys vir epileptiese leerlinge.

(3) Onderwys vir swaksiende leerlinge.

(4) Onderwys vir blinde leerlinge.

(5) Onderwys vir dowe leerlinge.

(6) Onderwys vir swakhorende leerlinge.

(7) Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge.

(8) Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge.

(9) Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge.

Op grond van hierdie nege navorsingsprojekte is nege verslae vir die Komitee vir bespreking op sy vergaderings opgestel.

## 6.2 PERSONEEL VAN DIE INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Die navorsing is deur 'n span van 10 navorsers onderneem:

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Na=vorsing, Hoofprojekleier.

Dr. A.E. Strydom, Assistent-direkteur, toesighouer oor die na=vorsing insake die onderwys vir blinde, dowe, swakhorende en pedagogies verwaarloosde leerlinge.

Dr. S.W.H. Engelbrecht, Afdelingshoof, verantwoordelik vir die navorsing insake die onderwys vir serebraal gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge en toesighouer oor die na=vorsing insake die onderwys vir epileptiese, verstandelik gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge.

| | | |
|---|---|---|
| Dr. H.C.A. Venter | : | Onderwys vir swaksiende leerlinge. |
| Mnr. A. Nel | : | Onderwys vir epileptiese leerlinge en pedagogies verwaarloosde leerlinge. |
| Mnr. F.P. Groenewald | : | Onderwys vir blinde leerlinge. |
| Mnr. M. Gouws | : | Onderwys vir dowe leerlinge. |

Mnr. S.J. Maat : Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge.

Dr. S.W.H. Engelbrecht en: Onderwys vir liggaamlik gestremde mnr. P.G. van Z. Spies : leerlinge.

Mnr. S.G. Lombaard : Onderwys vir swakhorende leerlinge.

## 7. DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Soos blyk uit paragraaf 5, het die Komitee 9 verslae (volumes 1 tot 9) op sy vergaderings bespreek. Hierdie werkwyse is ge= volg om die navorsing te bespoedig en om die Nasionale Onderwys= raad so spoedig moontlik van die besluite te verwittig.

Benewens hierdie 9 verslae, wat 9 afsonderlike volumes van Deel III van die Komitee se verslag uitmaak, het die Komitee reeds op 'n vroeëre stadium twee verslae aan die Nasionale Onderwysraad voorgelê, naamlik:

(1) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL OP PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING AS 'N GEÏNTEGREERDE DIENS VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE RE= PUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA", Deel I, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-1, Pretoria, 1972.

(2) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE PRE-PRIMÊRE OPVOEDINGSPRO= GRAM VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA", Deel II, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-2, Pretoria, 1971.

Deel III van die Komitee se verslag is getitel: "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA".

Die nege volumes van die verslag is die volgende:

Volume 1: Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge, verslag nr. O-20.

Volume 2: Onderwys vir epileptiese leerlinge, verslag nr. O-21.

Volume 3: Onderwys vir swaksiende leerlinge, verslag nr. O-22.

Volume 4: Onderwys vir blinde leerlinge, verslag nr. O-23.

Volume 5: Onderwys vir dowe leerlinge, verslag nr. O-24.

Volume 6: Onderwys vir swakhorende leerlinge, verslag nr. O-25.

Volume 7: Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge, verslag nr. O-26.

Volume 8: Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge, ver= slag nr. O-27.

Volume 9: Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwy= kende) leerlinge, verslag nr. O-28.

8. DANKBETUIGING

Die Komitee bedank die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die personeel van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing vir die navorsing wat onderneem is om die Komitee in staat te kon stel om sy opdrag uit te voer. Die samewerking van die plaaslike en oorsese onderwysowerhede word hoog op prys gestel. Die skoolhoofde en hulle personeel wat die navorsers tydens be= soeke aan hulle skole te woord gestaan het, se samewerking word opreg waardeer.

# I N H O U D S O P G A W E


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTERING | 1 |
| 1.1 | Probleemstelling | 1 |
| 1.2 | Die mediese aspekte van epilepsie | 2 |
| 1.3 | Psigologiese bevindinge ten aansien van die persoonstruktuur van die epileptiese kind | 3 |
| 1.4 | Wordingspedagogiese momente van belang by die opvoeding van die epileptiese kind | 5 |
| 1.5 | Die huidige stand van onderwys vir epileptiese leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika | 14 |
| 2 | AANBEVELINGS | 22 |
| 2.1 | Afsonderlike skole vir epileptici | 22 |
| 2.2 | 'n Gedifferensieerde stelsel van skole vir epileptici | 26 |
| 2.3 | Motivering en aanbevelings ten opsigte van die koshuise verbonde aan skole vir epileptiese leerlinge | 39 |
| 2.4 | Motivering en aanbevelings met betrekking tot die kursusse wat aan die onderskeie skooltipes vir epileptiese leerlinge gevolg sal word | 41 |
| 2.5 | Motivering en aanbevelings met betrekking tot die diagnose en kriteria vir toelating tot skole vir epileptici | 63 |
| 2.6 | Motivering en aanbevelings met betrekking tot die verskillende dienste wat deur skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika aan leerlinge gelewer word | 66 |
| 3 | SLOTOPMERKING | 69 |
| | LITERATUURLYS | 71 |

# 'N NASIONALE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VIR EPILEPTIESE LEERLINGE

## 1 PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTERING

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die primêre probleem waarop hierdie ondersoek betrekking het, is om te bepaal hoedanig epilepsie 'n kind in sy wordingsgang tot volwassenheid strem. Hierdie opgaaf vereis dat aandag geskenk moet word aan epilepsie as 'n siekte, met ander woorde, daar moet vasgestel word of epilepsie 'n liggaamlike gebrek is en, indien wel, hoedanig hierdie gebrek die kind in sy liggaamlike ontwik= keling en liggaamlike aktiwiteite strem. Voortspruitende hier= uit moet noodwendig ondersoek ingestel word na hoedanig hierdie belemmering die kind in sy persoonswording strem. 'n Ondersoek na die voorkoms van epilepsie onder Blanke skoolgaande kinders in die Republiek van Suid-Afrika is nodig ten einde die omvang van die probleem te bepaal. Hierdie laasgenoemde probleem, te= same met die vraag na die noodsaaklikheid van buitengewone onder= wys vir epileptiese kinders, bring ook die vraag na vore of alle epileptiese kinders buitengewone onderwys nodig het. Om 'n antwoord op hierdie vraag te verkry, is dit nodig om navorsing te doen oor psigologiese en pedagogiese ondersoeke na persoonsbeelde van epileptiese kinders en om aan die hand van sodanig verkreë gegewens, met inagneming van die mediese aspekte van epilepsie, oor die aard en omvang van die ortopedagogiese hulp te besin waar= aan die epileptiese kind behoefte het.

Die sentrale tema van hierdie ondersoek, te wete die probleem van gedifferensieerde onderwys en voorligting aan epileptiese kinders, kan gevolglik in oënskou geneem word. Hier moet veral besin word of die toepaslike dele uit die verslag wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1970 vir die Komitee vir Gedif= ferensieerde Onderwys en Voorligting uitgebring het, aanvaar kan word as riglyne vir die beplanning van gedifferensieerde onderwys vir epileptiese kinders. 'n Belangrike probleem wat aandag moet kry, is hoedanig epilepsie 'n kind in die leersituasie strem en in watter mate die feit dat 'n kind aan epilepsie ly, in aanmer= king geneem moet word wanneer hy 'n beroepsrigting kies. Die vraag na die aard en omvang van die ortodidaktiese hulp wat die epileptiese kind nodig het, kan nie van laasgenoemde twee probleme geskei word nie. 'n Verdere probleem wat hom hier voordoen, is naamlik die beginsel van die gelykwaardigheid van alle kinders voor God en van kind langs kind. Daar bestaan 'n vooroordeel teen epileptici wat die vraag dadelik na vore laat tree of 'n kind se waardigheid nie gekrenk sal word nie bloot deur sy

bywoning van 'n skool waaraan daar (moontlik) 'n stigma kleef. Voortvloeiende hieruit moet dan besin word oor maatreëls wat onderwysbeplanners en die spesiale skole self kan tref om enige vooroordeel wat teenoor die skole mag bestaan, te verwyder.

## 1.2 DIE MEDIESE ASPEKTE VAN EPILEPSIE

Dit is nie bekend hoeveel Blanke skoolkinders in die Republiek van Suid-Afrika aan epilepsie ly nie. Trouens in geen land is presiese syfers beskikbaar nie en waar syfers wel nodig was, is van geskatte syfers gebruik gemaak wat op steekproewe wat deur navorsers in die mediese wetenskap onderneem is, berus. Daar word geskat dat tussen 4 en 8 uit elke duisend skoolgaande kinders aan epilepsie ly. Dit beteken dat in die Republiek van Suid-Afrika tussen sowat 3 600 en 7 200 Blanke skoolkinders epileptici is. Aan die begin van 1974 was daar in die Republiek van Suid-Afrika 300 kinders aan drie skole vir epileptiese leerlinge. Dit beteken dat minder as 10 persent van alle epileptiese leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika hulle onderwys aan spesiale skole ontvang het.

Epilepsie is nie 'n siekte in die gewone sin van die woord nie, maar 'n simptoom. Dit is 'n begrip om stoornisse van uiteenlopende aard, wat by herhaling voorkom en wat hulle oorsprong in skielike ontladings van elektriese impulse in die breinselle het, te beskryf. Die stoornis kan wissel van 'n algehele verlies van die bewussyn gepaardgaande met sametrekkings van alle spiere tot net 'n ligte bewussynstoornis sonder die sametrekking van enige spiere of die sametrekking van enkele kleiner spiere sonder bewussynstoornis. Alle vorme van epileptiese toevalle beteken vir die kind 'n belemmering in die didaktiese situasie in dié sin dat sy gerigtheid op die leerstof verbreek word en hy dus nie deurlopend aandag aan 'n les kan gee nie.

Epilepsie gaan dikwels gepaard met breinbesering wat weer by sommige kinders sensomotoriese en waarnemingstoornisse en onbeheerbare wangedrag tot gevolg kan hê. Dit is egter besonder moeilik om altyd presies vas te stel wanneer 'n kind aan een of ander vorm van breinbesering ly en ook of bepaalde stoornisse en veral wangedrag wel aan breinbesering toegeskryf moet word. Breinbesering skep tog soms 'n bykomende gestremdheid en daarom kan verwag word dat epileptiese kinders met breinbesering gouer probleme aan gewone skole sal ondervind. Gevolglik kan ook verwag word dat 'n groter persentasie kinders in skole vir epileptiese leerlinge aan breinbesering sal ly as wat andersins onder epileptiese kinders verwag kan word.

In die huidige tydsbestek is dit nie moontlik om die predisposi= sie tot die ontwikkeling van die simptome van epilepsie te genees nie. 'n Redelike mate van sukses word egter behaal met die be= heer van die toevalle deur middel van medikamente. Dit is egter nie moontlik om met algehele sekerheid te besluit wanneer 'n kind as toevalsvry beskou mag word nie. Persone wat reeds jare lank toevalsvry was, kry soms weer, sonder enige klaarblyklike rede, 'n toeval. Dit bly dus gewaagd om aan te neem dat 'n kind volkome genees is en veral wanneer die kind 'n beroep moet kies, is dit veiliger om te aanvaar dat hy epilepties sal bly.

Die mediese prognose is gunstiger indien onmiddellik na die eerste toeval met die neem van medikamente begin word. Aangesien 'n toeval dikwels volg indien oorgeslaan word, en ook omdat toe= valle daarna moeiliker onder beheer gebring word, is dit belang= rik dat medikamente gereeld geneem moet word. Daar is ook vas= gestel dat, hoe langer 'n epileptikus volhou met die neem van medikamente, hoe geringer is die kans dat hy later, nadat hy die neem van medikamente gestaak het, weer 'n toeval sal kry.

## 1.3 PSIGOLOGIESE BEVINDINGE TEN AANSIEN VAN DIE PERSOONSTRUK= TUUR VAN DIE EPILEPTIESE KIND

### a. Die intelligensie van die epileptiese kind

Die gemiddelde IK-syfer van epileptiese kinders wyk baie min af van die normale gemiddelde vir alle kinders. 'n Groter persen= tasie epileptiese kinders is egter verstandelik gestremd as wat statisties verwag kan word.

By 'n geringe persentasie epileptiese kinders kan verstandelike degenerasie waargeneem word. 'n Opmerklike verlaging in die IK-syfer word ook soms gevind nadat epilepsie 'n aanvang geneem het. Indien die toevalle onder beheer gebring word, herstel die IK-syfer egter in die meeste gevalle tot wat dit was voor epilepsie 'n aanvang geneem het.

Die "groei" of ontwikkeling van die intelligensie is onderhewig aan vorming. Sowel aangebore moontlikhede as die wyse waarop die kind met die werklikheid besig bly, sal medebepalend vir die ontwikkeling van sy intelligensie wees. Epilepsie kan veroor= saak dat 'n kind neig om hom aan die werklikheid te onttrek en gevolglik kan die ontwikkeling van sy intelligensie gerem word. Ortopedagogiese bemoeienis is dus uiters belangrik om te verse= ker dat die epileptiese kind se intelligensie as moontlikheid optimaal ontplooi.

Die syfer wat 'n persoon in 'n IK-toets behaal, hang egter ook af van die wyse waarop hy hom tot die werklikheid (byvoorbeeld die toetsitems) rig. Indien 'n epileptiese kind se aandag nie ten volle op die toetsitems as opgaaf gerig bly nie, sal hy swakker presteer as waartoe hy werklik in staat is. Dit kan 'n skewe beeld van 'n epileptiese kind se moontlikhede gee wat nie maklik reggestel sal word nie aangesien die kind om dieselfde redes, ook in sy skoolwerk swakker sal presteer.

Indien 'n kind op 'n vroeë leeftyd epilepsie opdoen, is die moont=likheid dat hy verstandelik gestremd sal wees baie groot. Som=mige navorsers beskou die gevaar van toekomstige verstandelike gestremdheid by jong epileptiese kinders as 'n ernstiger pro=bleem as die epileptiese toevalle self. Die kanse op volkome beheer oor epileptiese toevalle is gering indien epilepsie en verstandelike subnormaliteit saamgaan. 'n Groot persentasie van die leerlinge wat op grond van die hewigheid en veelvuldigheid van hul toevalle buitengewone onderwys nodig het, sal dus verstan=delik gestremd wees.

b. Persoonstrekke van epileptiese kinders

Ondersoeke het aangetoon dat daar nie so iets soos 'n "epileptiese persoonlikheid" bestaan nie.

Epileptiese kinders toon soms gedragsprobleme waarvan die volgen=de dikwels waargeneem word: angstigheid (anxiety), depressie, vrees, teruggetrokkenheid, aggressie, woede-uitbarstings, anti-sosiale gedrag en hiperaktiwiteit. Oor die algemeen kon egter geen direkte verband tussen die epileptiese toestand en wangedrag gevind word nie. 'n Uitsondering is epilepsie wat die gevolg is van 'n besering in die temporale kwab van die brein (gewoonlik psigomotoriese epilepsie) wat soms tot wangedrag kan lei. Wan=gedrag by epileptiese kinders word feitlik sonder uitsondering toegeskryf aan die gesinsituasie en in die besonder aan die hou=ding wat die ouers ten opsigte van die kind se opvoeding inneem. Epileptiese kinders lewer dus oor die algemeen probleme as gevolg van belemmerende momente in hul opvoedingstaat.

Daar bestaan ook 'n sosiale vooroordeel teenoor epileptici wat vergelyk kan word met die vooroordeel wat daar teenoor sielsieke persone bestaan. Dit is 'n feit wat remmend inwerk op die per=soonswording van die epileptiese kind en wat besondere probleme vir die opvoeders van epileptiese kinders skep.

Ondersoekers kon tot dusver nog nie aantoon dat epilepsie die direkte oorsaak van bepaalde leerprobleme by kinders is nie, be=halwe vir sover 'n epileptiese toeval die kind se gerigtheid op

die leerstof verbreek. Epileptiese kinders lewer egter dikwels leerprobleme. So byvoorbeeld kom Bagley tot die gevolgtrekking dat die wiskunde-agterstand op skool waarskynlik aan 'n "epilep= tic factor" toegeskryf kan word. Hy vind egter nie genoegsame gegewens om hierdie gevolgtrekking van hom sonder twyfel te be= vestig nie.

Geheueverlies (amnesie) en retroaktiewe amnesie is soms na epi= leptiese toevalle by kinders waargeneem. Ondersoekers het egter gevind dat nie alle leerstof vergeet word nie. Leerstof wat vir die kind sinvol was, word dikwels onthou, terwyl sinlose leerstof wel vergeet word. Geen bewyse kon nog gevind word dat abnormale elektriese aktiwiteit in die brein noodwendig tot geheueverlies lei nie. Daar is dus geen afdoende bewyse dat geheueverlies die direkte gevolg van 'n epileptiese toeval as sodanig is nie.

Alle beskikbare gegewens dui daarop dat 'n labiele affektiwiteit onderliggend is aan feitlik alle leerprobleme wat by epileptiese kinders aangetref word. Dit dui daarop dat met remediële onder= wys in die sin van simptoombehandeling, beperkte sukses behaal sal word. Die opvoeding van die epileptiese kind in die spesiale skool is basies 'n ortopedagogiese aangeleentheid in dié sin dat dié kinders heropgevoed moet word en dat aandag gegee moet word aan die affektiewe, kognitiewe en normatiewe keerkante van hul opvoeding.

'n Onbekende persentasie van alle epileptici ly aan een of ander vorm van breinbesering (deur die Reid-verslag in Engeland op sowat 30 persent geskat). Breinbesering kan soms, maar hoef nie nood= wendig nie, lei tot waarnemingstoornisse wat die kind in die didaktiese situasie kan strem. Spesiale hulpmiddels en onderwys= metodes is nodig vir die onderwys van hierdie kinders. Dit is egter moeilik, indien nie onmoontlik nie, om altyd presies te be= paal watter persentasie van die kinders aan skole vir epileptici onder hierdie groep val.

## 1.4 WORDINGSPEDAGOGIESE MOMENTE VAN BELANG BY DIE OPVOEDING VAN DIE EPILEPTIESE KIND

### a. <u>Inleiding</u>

In hierdie ondersoek is as uitgangspunt geneem die feit dat die mens 'n waardebestrewende wese is. Die gedagte dat die mens (kind) 'n organisme is wat "reageer" op "prikkels" wat van buite af op hom inwerk en wat "persoonlikheid ontwikkel" deur die op= eenstapeling van "gekondisioneerde gedragspatrone" en "assosiasie= vorming" tussen verskillende ervaringe, kan nie aanvaar word nie.

Die vertrekpunt wat geneem is, is dat die kind van meet af aan persoon is wat deur God geskape is met bepaalde positiewe moont= likhede as gawes en dat hy van meet af aan onder die opdrag lewe om daardie moontlikhede te verwerklik. Die kind neem van meet af aan deel aan die stigting van sy eie leefwêreld en dit is die plig van die Christenouer om te sorg dat die kind se leefwêreld aan die hand van Christelike beginsels en norme gestig word.

Langeveld het getoon dat 'n kind nie outomaties tot volwassenheid groei nie, maar dat hy op opvoeding aangewys is om tot volwassen= heid te ontplooi. Hy het verder ook bepaalde wordingspsigolo= giese momente aangetoon wat basies aan alle opvoeding is. Hy wys op die belangrikheid van die biologiese moment - die kind moet liggaamlik versorg word. Die moment van hulpeloosheid is 'n voor-die-hand-liggende feitelikheid, aangesien die kind by geboor= te die mees hulpelose van alle lewende wesens is en hy vir langer as enige ander lewende wese hulpeloos bly. Voorts moet die kind in sy hulpeloosheid ontmoet en gesteun word sodat hy veiligheid en geborgenheid kan belewe. Voldoende fisiese versorging waar= borg egter glad nie die belewing van veiligheid en geborgenheid nie, maar slegs in 'n liefdevolle verhouding met sy opvoeders word sodanige belewing voltrek. Wanneer 'n kind veilig en geborge voel, sal hy die moed hê om die werklikheid te eksploreer, en dit is voorvereiste vir sy totale opvoeding en wording tot volwassen= heid.

b. Die affektiewe (gevoelsmatige)

Met die affektiewe word bedoel 'n kind se gevoelsmatige bereid= willigheid tot deelname aan 'n wêreld wat voortdurend 'n appèl aan hom rig. Gevoelens kan nie losgedink word van die situasies waarin die mens verkeer nie en daarom word gepraat van 'n affek= tiewe disposisie of 'n gevoelsmatige ingesteldheid ten aansien van die werklikheid.

Die affektiwiteit is as moontlikheid wat verwerklik moet word, aan die kind gegee. Wanneer gepraat word van affektiewe wording, word 'n verfyning en differensiëring van die gevoelslewe bedoel, met ander woorde, die ontdekking van die korrekte gevoelswaardes van situasies. Vir die toereikende affektiewe wording is die hulp en steun van 'n volwassene as opvoeder noodsaaklik. Peda= gogiese hulp beteken, met ander woorde, ook en veral hulp met die affektiewe wording. Indien die affektiewe wording nie toerei= kend verloop nie, beteken dit dat gevoelens gebore uit eie lig= gaamsbelewinge, dus veral lus- en onlusgevoelens, vir die kind belangrik bly. Dit sal vir hom dan moeilik wees om die geldige lewensbeginsels voldoende te ken en aan die hand van die norme ontleen aan daardie beginsels, te lewe.

Die gevoelslewe raak gedifferensieerd aan die hand van ervaringe en belewinge, veral ervaringe en belewinge opgedoen binne 'n lief=devolle vertrouensverhouding met 'n opvoeder wat aktief meedoen aan die bedrywighede wat tot die opdoen van die ervaringe en bele=winge lei. Dit is dus uiters noodsaaklik dat daar nie onnodige beperkings op epileptiese kinders gelê word nie. Epilepsie neig egter om die kind telkens op sy gevoel van hulpeloosheid terug te werp en daarom het die epileptiese kind, vir sover dit sy affek=tiewe wording betref, meer hulp van sy opvoeders nodig as nie-epi=leptiese kinders.

c. <u>Die kognitiewe (verstandelike)</u>

Die kognitiewe is ook gegewe moontlikhede wat verwerklik moet word, en dit word verwerklik deur 'n gerigte besigwees met die werklikheid. 'n Belangrike voorvereiste vir kognitiewe wording is 'n volgehoue aandagsbepaling. 'n Kind kan 'n gebruiklike instelling tot oppervlakkige aandagsbepaling of aandagsfluktue=ring aanleer. Die wording (vorming) van sy kognitiewe moontlik=hede sal dan nie na wense geskied nie en sy leefwêreld sal rela=tief arm wees omdat dit gestig word aan die hand van oppervlak=kige indrukke en moontlik foutiewe sin- en betekenisgewing. Epi=lepsie neig om die kind se aandag by homself as epileptikus vas=gevang te hou sodat hy moeilik 'n gebruiklike instelling van aan=dagsbepaling kan aanleer. Die affektiwiteit is onderliggend aan hierdie probleem aangesien dit veral gevoelens van onsekerheid en onveiligheid is wat verhoed dat die kind toereikend aan die werk=likheid aandag gee.

'n Kind se taalverwerwing is van bepalende betekenis vir die wording van sy kognitiewe moontlikhede. Taal is denkmiddel en intelligensie-aktualiseringsmiddel. Deur middel van die taal ontdek die kind abstrakte begrippe wat hom in staat stel om sy denke los te maak van konkrete situasies. Nanninga-Boon noem twee aangeleenthede wat van besondere betekenis vir suksesvolle taalverwerwing is. Die eerste is naamlik die liggaamlike ont=wikkeling en meer bepaald die ontwikkeling van die motoriek waar=deur die kind in staat gestel word om ruimtelik tussen die dinge te beweeg en waardeur hy die tydruimtelike werklikheid asook sy liggaamlike moontlikhede met betrekking tot sowel die werklikheid as die funksionele samehang tussen sy liggaamsdele onderling, ont=dek. Deur direkte betekenisgewing word die taal as simbool- en begrippesisteem so ontdek.

'n Tweede belangrike aspek vir die taalverwerwing waarop Nanninga-Boon wys, is dat die bewegingsmoontlikhede, dit wil sê die ontwik=keling van die motoriek, tydens die "ervaringsbelewinge" in die kinderlike gevoelslewe ingebed moet word. Sy wys dan daarop dat

die vorming van die kinderlike gevoelslewe alleen toereikend kan geskied binne 'n affektiewe verhouding met 'n volwassene wat ak= tief deelneem aan die kind se "ervaringsbelewinge".

Die suksesvolle verloop van 'n kind se taalverwerwing hang dus af van sy affektiewe wording. Nanninga-Boon wys daarop dat die omgekeerde ook geld: die affektiewe wording hang ook af van die taalverwerwing aangesien die kind se gevoelens binne situasies ook aan die hand van die taal gedifferensieerd raak. Epilepsie neig om die kind affektief te ontwrig en dit is dus duidelik dat die kind ortopedagogiese maatreëls nodig het ten einde sy taal= verwerwing en die vorming van al sy kognitiewe moontlikhede suksesvol te laat verloop.

d. <u>Die normatiewe</u>

Opvoeding beteken wesenlik die bekendstelling van bepaalde waardes en norme aan die kind en die eventuele aanvaarding deur die kind van bepaalde lewensbeginsels aan die hand waarvan hy toenemend selfstandig aan sy eie lewe moet vorm gee. Die nor= matiewe word ook gedra deur die affektiwiteit. Die feit dat 'n kind (of volwassene) bepaalde waardes en hul afgeleide norme ken, is geen waarborg dat hy onder die opeisende gesag van die norme sal leef nie. Indien dit egter blyk dat 'n kind skuldig voel nadat hy 'n norm oortree het, of dat hy besonder gelukkig voel omdat bepaalde norme in sy gedraginge vergestalt is, moet aan= vaar word dat die betrokke norme en waardes reeds deel geword het van die kind se aanvaarde rangorde van waardes aan die hand waarvan hy toenemend vorm gee aan sy eie lewe. Norme het dus gevoelswaarde vir 'n kind en as sodanig is sy waardes, beginsels en norme onlosmaaklik met sy gevoelslewe vervleg.

Die opvoeding van die epileptiese kind kan, uit hierdie oogpunt gesien, om verskeie redes skeef loop. Omdat die epileptiese kind neig om affektief oorspoeld en in homself gekeer te raak, sal sy kognitiewe wording, sonder ortopedagogiese hulp, nie na wense verloop nie. Hy sal dus nie die lewensbeginsels en geïm= pliseerde norme ten volle kan ken nie. Omdat sy gevoelslewe ongedifferensieerd bly en ook grootliks vasgevang bly in gevoe= lens wat uit sy liggaamsbelewinge ontstaan, sal hy moeilik tot 'n besliste aanvaarding van bepaalde waardes en beginsels kan kom. Die norme sal vir hom òf betekenisloos bly òf sy belewing van onmag tot sinvolle selfverwerkliking sal hom terugwerp op sy gevoel van hulpeloosheid as epileptikus. Dit sal lei tot affek= tiewe oorspoeldheid wat, indien hy nie hulp kry nie, kan lei tot wangedrag en uiteindelike verwerping van die norme.

Indien 'n epileptiese kind nie die werklikheid voldoende eksplo=reer nie, sal hy mettertyd 'n skewe beeld van sy wordingsmoont=likhede vorm. Omdat sy gevoelslewe grootliks beperk bly tot gevoelens gewek uit eie liggaamsbelewinge sal ook die waardes wat vir die kind sin en betekenis het, grootliks beperk bly tot waardes wat direk op die liggaamlike betrekking het. Die besit=strewe en lusbevrediging sal vir hom belangrik bly. Die nood=saaklike vermindering in die totale affektiewe oorspoeldheid sal nie na wense verloop nie en gevoelsmatige (emosionele) uitbars=tings sal wyses word waarop hy op probleemsituasies antwoord.

Dit is dus uiters noodsaaklik dat die epileptiese kind opgevoed moet word om sy lewe op vaste beginsels te bou, wat onder andere ook beteken dat hy gesteun moet word om homself toenemend as waardeverwerklikende wese, as skepsel van God dus, te ontdek.

e. Die konatiewe (die wilslewe)

Voordat 'n wilsbesluit geneem kan word, moet eers 'n duidelike voorstelling van 'n toekomstige handeling gemaak word, waaraan eers gedink moes word voordat besluit kon word om dit deur eie kraginspanning ten uitvoer te bring. Aspekte soos reeds ver=worwe kennis, die eie rangorde van waardes as kriteria vir vorm=gewing aan die eie lewe en begrip van die eie wordingsmoontlik=hede is onderliggend aan die neem van wilsbesluite. 'n Stabiele affektiwiteit wat onderliggend is aan al die genoemde aspekte kan dus ook bepalend wees vir die wyse waarop wilsbesluite ten uit=voer gebring word. 'n Langdurige labiele affektiwiteit kan tot gevolg hê dat die wil in 'n groter mate gerig sal word op onmid=dellike lusbevrediging, in stede van op 'n toenemende bevesti=ging van die self as waardebestrewende wese. Stemminge van terneergedruktheid en gevoelens van angs en vrees kan ook die neem van wilsbesluite blokkeer.

'n Kind wat reeds 'n rangorde van waardes verwerf het en wat reeds 'n begrip van homself as wordende moontlikheid gevorm het, se wil hoef nie noodwendig verswak te word deur die affektiewe oorspoeldheid wat kan volg op skielike, onverwagse epileptiese toevalle nie. Die terugslag kan, inteendeel, daartoe lei dat hy sterker wilsbesluite neem en dat hy duideliker bevestiging soek vir bepaalde lewenswaardes en -beginsels en ook meer gerig sal soek na die sinvolheid van sy eie betrokkenheid by die werk=likheid. Sonder die hulp van 'n vertroude opvoeder sal hierdie herbepaling deur die kind van die sinvolheid van sy eie betrok=kenheid by die werklikheid, van 'n herbepaling van 'n eie sin=volle toekoms dus, bykans nie moontlik wees nie. 'n Duidelike herbepaling van 'n eie toekoms is vir so 'n kind uiters belang=rik, want as sy hoop op die toekoms vernietig word, gaan dit

moeilik wees om by hom 'n wil te wek om te leer.

f. <u>Liggaamlikheid en liggaamsbelewing</u>

Die gestremdheid wat epilepsie vir 'n kind vorm, verskil wesen=lik van dié wat enige ander liggaamsgebrek vorm. Epilepsie strem 'n kind normaalweg nie in sy besigwees met die werklikheid nie, maar onderbreek sy besigwees periodiek, en dan so onverwags, en in die meeste gevalle so totaal, dat dit vir hom selfs lewens=gevaarlik kan wees.

Epilepsie skep dus by die kind 'n onsekerheid met betrekking tot die betroubaarheid van sy liggaam en gevolglik met betrekking tot sy totale bestaan as mens. Epileptiese kinders kan tussen toevalle normaal lewe en baie van hulle presteer selfs besonder goed op sportgebied. Dit verminder egter nie hulle gevoel van onsekerheid met betrekking tot die betroubaarheid van hul lig=game nie, maar kan, inteendeel, neig om dit te intensiveer. Die feit dat 'n epileptiese toeval die gevolg is van skielike, onbe=heerbare uitbarstings van senuwee-impulse in die breinselle, die presiese oorsake waarvan nog nie verklaar kan word nie, skep ook twyfel by die kind of epilepsie werklik 'n siekte is. Sy aandag neig dus om vasgevang te bly by sy eie gesondheid (of siekte) en hy kan ook twyfel of epilepsie 'n liggaamlike of 'n geestessiek=te is.

Epileptiese kinders is verstandelik gewoonlik "normaal", terwyl sommige van hulle buitengewoon begaafd is. Epilepsie strem egter die realisering van hulle moontlikhede, nie omdat dit 'n duidelik aanwysbare liggaamlike gestremdheid skep nie, maar om=dat dit vir die kind 'n onverklaarbare bedreiging vir sy totale bestaan as wordende mens vorm. Daarom is dit so moeilik vir 'n kind om 'n epileptiese toeval objektief te beskou - hy neig om liewer te ontvlug as om oor te gaan tot singewing aan 'n toeval. Margiad Evans het deur 'n onophoudelike stroom van gedagtes pro=beer ontvlug van die gedagte van haarself as epileptikus. So 'n gedwonge ontvlugtingshandeling kan die totale wording van die kind ernstig strem omdat dit neig om die intensionaliteit, dus die betrokkenheid van die kind en wêreld te verduister.

Die probleem van liggaamlikheid en liggaamsbelewing vir epilep=tiese kinders wentel dus eerstens om 'n twyfel aan die betrou=baarheid van die liggaam, maar terselfdertyd kan die kind ook twyfel of die probleem wel in sy liggaam setel en nie dalk in die geestelike kern van sy persoon nie. Elke epileptiese toe=val neig dus om verwarring te skep in die kind se belewing van sy reeds aanvaarde rangorde van waardes, veral omdat dit verwar=ring gaan skep in sy belewinge van homself as waardeverwerklikende

wese met aangebore gawes wat toenemend, sinvol, binne 'n afsydige en dikwels vyandiggesinde kultuurgemeenskap verwerklik moet word.

Ook wat betref hierdie aspek van sy wording het die epileptiese kind dus buitengewone opvoedingshulp nodig.

g. <u>Die pedagogiese belangrikheid van die koshuis verbonde aan 'n skool vir epileptiese kinders</u>

Ondersoeke het getoon dat meeste epileptiese kinders wat tot 'n spesiale skool toegelaat word, as gevolg van gedragsprobleme uit gewone skole verwyder moes word. Geen ondersoek kon egter aan= toon dat dié gedragsprobleme die direkte gevolg van epileptiese prosesse in die brein is nie. Die oorgrote meerderheid van dié kinders se gedragsprobleme verdwyn na 'n aantal maande aan spe= siale skole. Genoeg gegewens is deur ondersoekers ingesamel om die afleiding te regverdig dat wangedrag by epileptiese kinders feitlik altyd die gevolg van belemmerende momente in hul opvoe= dingstaat is. Hiermee word nie bedoel dat hierdie kinders se ouers altyd onverskillig teenoor hulle staan nie, maar dat die ouers se intuïtiewe aanvoeling vir korrekte opvoedingshandelinge hulle dikwels in die steek laat, en wel omdat die epileptiese kind buitengewone opvoedingshulp nodig het. Die taak van die spesiale skool is dus basies een van heropvoeding.

'n Labiele affektiwiteit (onstabiele gevoelslewe) lê ten grond= slag aan meeste probleme waarmee die epileptiese kind worstel. 'n Stabiele affektiwiteit is 'n noodsaaklike voorvereiste vir opvoeding. Die mees fundamentele taak van die spesiale skool is dus om aandag te gee aan die affektiewe keerkant van die op= voeding van die kind. Hierdie is basies die taak van die kos= huis. Indien 'n kind se gevoelslewe ontwrig is, kan hy nie vol= doende aandag aan sy skoolwerk gee nie. 'n Onderwyser aan 'n skool vir epileptici moet, uit die aard van sy werk, ook baie aandag gee aan die affektiewe sy van die opvoeding van die kin= ders. Sy eerste taak is egter die bybring van kennis aan die kinders. Indien die meerderheid kinders in sy klas affektief ontwrig is, sal hy gedwing word om fisiese dissipline af te dwing in 'n poging om die gladde verloop van sy lesaanbieding te ver= seker. Daarmee verseker hy egter nie dat die kinders gedurende die lesaanbieding leer nie.

Ook in die koshuis is ordelikheid 'n vereiste. Indien die affektiewe sy van die opvoeding verwaarloos word, kan 'n mate van orde geskep word deur fisiese dissipline te probeer afdwing. Die "opvoedingswerk" in die skool en in die koshuis sal dan ver= vlak tot "kondisionering" van bepaalde "gedragspatrone". Opvoe= ding in die ware sin van die woord kan dit nooit wees nie omdat

kondisionering die gedagte aan verantwoordelikheid vir eie gedraginge uitskakel. "Gekondisioneerde gedragspatrone" kan nooit in die plek gestel word van 'n sinvol beleefde rangorde van waardes wat as rigsnoer vir die kind dien om binne elke situasie toenemend op eie verantwoordelikheid eie keuses te maak nie.

Die waardes moet ingebed wees in die gevoelslewe. Die kind se gevoelslewe raak alleen gedifferensieer en gestabiliseer binne liefdevolle vertrouensverhoudinge met volwasse opvoeders wat die kind, met al sy probleme en tekortkominge, ten volle aanvaar en probeer begryp. Die epileptiese kind worstel met buitengewone wordingsprobleme en daarom moet die koshuis verbonde aan 'n skool vir epileptiese kinders as van fundamentele belang vir die opvoeding van dié kinders beskou word. Die personeel verbonde aan so 'n koshuis moet dus deeglik vir hul taak opgelei wees.

h. <u>Die betekenis van wording en liggaamlikheid vir die onderwys van die epileptiese kind</u>

Vir die volle ontplooiing van die kinderlike gerigtheid as singewingshandeling is bewuste aandagsbepaling 'n voorvereiste. Waarneming is voorwaarde vir alle leer en ook vir die ontplooiing van die gerigtheid as singewingshandeling. Waarneming kan egter beperk bly tot sintuiglike indrukke in die sin dat die singewingshandeling nie ten volle ontplooi nie. Daar word dan gepraat van verduistering van die kinderlike gerigtheid. Die epileptiese kind se aandag kan neig om by homself as epileptikus vasgevang te bly. Hy kan daarom nie by magte wees om voldoende aandag aan die leerinhoude binne die didaktiese situasie te gee nie, met die gevolg dat hy ook nie in staat sal wees om voldoende sin en betekenis aan die leerinhoude te gee nie. Hulp aan so 'n kind behels in die eerste instansie hulp op affektiewe en normatiewe vlakke.

'n Labiele affektiwiteit, wat die gevolg kan wees van epileptiese toevalle, kan die verloop van die taalverwerwing by 'n kind ernstig rem. Taal is denkmiddel en intelligensie-aktualiseringsmiddel. 'n Goeie taalgebruik is dus voorwaarde vir suksesvolle leer. 'n Kind verstaan sy taal gewoonlik beter as wat hy dit kan gebruik. Dit kan dus gebeur dat 'n kind wel leer maar dat hy nie in staat is om in die toetssituasie van sy verworwe kennis rekenskap te gee, omdat hy homself nie voldoende in die taal kan uitdruk nie. Onderwysers formuleer soms antwoorde op vrae wat hulle dan aan kinders gee om te memoriseer. As gevolg van 'n labiele affektiwiteit en 'n gevolglike onmag tot aandagsbepaling, vind epileptiese kinders dit dikwels moeilik om leerstof te memoriseer. Reproduksie van die leerstof, veral onder die oë van sy maats, word hoofsaaklik 'n affektiewe aangeleentheid

omdat dit 'n moment word van bevestiging of vernietiging van die self as normbeeld. Indien die kind misluk sal die gevolglike affektiewe oorspoeldheid alle verdere pogings tot reproduksie rem. Dit kan daartoe lei dat die kind die leersituasie totaal afwys.

'n Belangrike aspek van leer is die kind se belewing van die sinvolheid van sy betrokkenheid by die leerstof. Dit hang ten nouste saam met sy normbelewing van homself as wordende persoon. 'n Kind wat oor 'n lang tyd affektief verwaarloos is, kan hom=self as minderwaardig beleef. Alhoewel hy nie noodwendig die norme hoef te verwerp nie, sal die waardes op die lange duur nie in sy lewe vergestalting vind nie. Dit moet lei tot 'n verdere labilisering van die affektiwiteit en uiteindelik tot 'n verwer=ping van die leergebeure as sinloos. 'n Kind wat die geldige lewenswaardes as sinloos verwerp, gaan neig om vasgevang te bly in die biologies-vitale. Die besitstrewe en lusbevrediging gaan belangrike rigsnoere word aan die hand waarvan hy aan sy lewe probeer vorm gee. Hy kan nog aan die leergebeure deelneem, maar sy doel daarmee sal egosentries wees, naamlik om aansien te verwerf by ander en nie soseer om die sin en betekenis van die leerstof te ontdek nie. Met moeilike leerwerk sal so 'n kind vasbrand.

Kinders wat nie affektief verwaarloos is nie en eers gedurende puberteit of adolessensie die eerste epileptiese toevalle kry, se leefwêreld neig om in verwarring uiteen te val. Die mate van sekerheid wat hy van homself gehad het, word vernietig en daarmee word sy hoop op die toekoms vernietig. So 'n kind sal sy betrokkenheid by die didaktiese situasie moeilik as sinvol beleef en neig om dit af te wys. Hy het hulp nodig om hom te bring tot 'n herbevestiging van sy begrip van homself, 'n hero=riëntering ten opsigte van die werklikheid en die belewing van 'n nuwe toekoms as sinvol. Die skoolopleiding moet daarom ook sterk beroepsgerig wees sodat die kind ook in sy toekomsverwag=tinge sekerheid en geborgenheid kan belewe.

Opvoeders, veral ouers, lê soms (om verstaanbare redes) baie beperkings op die epileptiese kind. As uitvloeisel van sodanige beperkings kan dit gebeur dat die epileptiese kind die dinge (voorwerpe) as 'n fisiese bedreiging vir hom belewe. Vir sy totale ontwikkeling is dit egter noodsaaklik dat die kind vol=doende en spontaan in sy omgang met die dinge besig moet bly. Indien sy spontane besigwees daarmee, as gevolg van sy epilepsie, onderbreek word, kan dit hom terugwerp op sy gevoel van hulpe=loosheid en kan hy gevolglik nie sy wêreld voldoende eksploreer nie. Die kind moet ook, veral in die didaktiese situasie, ge=lei word tot abstrakte denke - iets wat sonder 'n stabiele

affektiwiteit en 'n goeie taalgebruik nie moontlik is nie. Die skool vir epileptiese kinders kom dus voor 'n dubbele opgaaf te staan en sy taak word veral bemoeilik weens die geneigdheid by epileptiese kinders om maklik gevoelsmatig oorspoeld te raak.

## 1.5 DIE HUIDIGE STAND VAN ONDERWYS VIR EPILEPTIESE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### a. Metodes van uitkenning van epileptiese leerlinge

Die uitkenning van die epileptiese leerling is 'n mediese aangeleentheid. 'n Geneesheer is egter baie selde byderhand wanneer 'n kind 'n toeval kry. Wanneer 'n toeval afgeloop het, is dit vir 'n geneesheer nie moontlik om deur middel van 'n liggaamlike ondersoek vas te stel of die kind wel 'n epileptiese toeval gehad het nie. Die geneesheer moet hom verlaat op ooggetuieverslae op grond waarvan hy kan vermoed dat die kind aan epilepsie ly. 'n Finale diagnose moet deur 'n neuroloog gemaak word aangesien dit moontlik is dat 'n algemene praktisyn 'n fout kan begaan.

### b. Die stadium waarop uitkenning van die epileptiese toestand plaasvind

Epileptiese toevalle kan op enige stadium van 'n mens se lewe 'n aanvang neem. Die stadium van uitkenning hang dus af van wanneer die toevalle begin. Dit is noodsaaklik dat sekerheid met betrekking tot die diagnose so gou moontlik na die eerste toeval bereik word, aangesien die moontlikheid van volkome beheer oor die toevalle gunstiger is indien onmiddellik met die neem van medikamente begin word.

### c. Die graad van gestremdheid met die oog op toelating tot 'n skool vir epileptiese kinders

Die "kriterium vir toelating" soos deur die Departement van Nasionale Opvoeding opgestel, bepaal dat dit om 'n kind moet gaan wat aan epilepsie ly en wat om daardie rede nie suksesvol aan 'n gewone skool onderrig kan word nie. Dié kriterium geld vir al die skole vir epileptici. 'n Belangrike probleem wat hieruit voortvloei, is dat elke skool vir epileptiese leerlinge 'n heterogene groep leerlinge het, wat dit moeilik maak om die nodige indiwiduele aandag aan elke kind te gee.

### d. Beheer en organisasie van skole vir epileptiese leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika

In die Republiek van Suid-Afrika bestaan tans drie skole vir

epileptici.

1. Die W.K. du Plessisskool te Springs, is gestig en word vol= ledig in stand gehou en beheer deur die Departement van Nasionale Opvoeding.

2. Die Jan Krielskool in die Kaapprovinsie is deur die Neder= duits Gereformeerde Kerk gestig en word nog deur dié kerk in stand gehou. Die skool word deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer en dié Departement het volle beheer oor sake rakende die onderwys van die kinders.

3. Die Transvalia-Skool vir Epileptici in Pretoria is deur die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys gestig en word deur dié instituut in stand gehou. Die Departement van Nasionale Opvoeding subsidieer ook dié skool en het volle beheer oor sake rakende die onderwys van die kinders. Hierdie skool het eers aan die einde van 1972 geopen en is nie by hierdie ondersoek betrek nie.

e. Kurrikula en sillabusse in skole vir epileptiese leerlinge met spesiale verwysing na verpligte en keusevakke asook be= roepsgerigte vakke

1. Die primêre afdelings van die skole

Die kurrikula en sillabusse van die onderwysdepartement van die provinsie waarin die skool geleë is, word gevolg. Die volgende is die verpligte nie-eksamenvakke wat aange= bied word:

W.K. du Plessisskool

Godsdiensonderrig
Kuns en Kunsvlyt
Liggaamlike Opvoeding
Sang

Jan Krielskool

Godsdiensonderrig
Liggaamlike Opvoeding
Klasmusiek
Jeugweerbaarheid
Handwerk en Kuns

Verpligte eksamenvakke wat deur die twee skole aangebied word, is onderskeidelik die volgende:

W.K. du Plessisskool

Afrikaans
Engels
Rekenkunde
Geskiedenis
Aardrykskunde
Gesondheidsopvoeding
Wetenskap.

Jan Krielskool

Afrikaans
Engels
Wiskunde
Aardrykskunde
Geskiedenis
Gesondheidsleer.

2. Die sekondêre afdelings van die skool

Die kurrikula en sillabusse van die Departement van Nasio=nale Opvoeding word gevolg. Die W.K. du Plessisskool bied vanaf standerd 6 'n praktiese kursus aan wat die volgende vakke insluit:

Vir sowel seuns as dogters is daar -

Afrikaans
Engels
Praktiese Wiskunde
Algemene Wetenskap en
Geskiedenis en Aardrykskunde.

Slegs vir seuns is daar -

Bedryfskennisteorie
Bedryfskennispraktyk en
Besigheidsmetodes.

Slegs dogters neem -

Huisvlyt
Tik en
Besigheidsmetodes.

Die W.K. du Plessisskool bied ook 'n sogenaamde akademiese kursus vir die standerds 6-10 studiejare aan. Die kurrikula

vir die verskillende studiejare sien soos volg daaruit:

Standerds 6 en 7

Afrikaans
Engels
Wiskunde
Algemene Wetenskap
Geskiedenis en Aardrykskunde
Tik
Rekeningkunde
Bedryfskennis (net vir seuns)
Huisvlyt (net vir dogters).

Standerd 8

Afrikaans
Engels
Bedryfskennis of Huishoudkunde
Rekeningkunde of Naaldwerk en Kleding
Handelswiskunde of Tik of Inrigtingsbestuur
Handelsreg of Tik.

Standerds 9 en 10

Afrikaans
Engels
Tik
Rekeningkunde of Kookkuns en Voeding
Handelsrekeningkunde of Naaldwerk en Dameskleremakery
Handel of Handelsreg.

Die kurrikula vir die sekondêre afdeling van die Jan Kriel=skool sluit sowel verpligte nie-eksamenvakke as verpligte eksamenvakke in.  Hierdie vakke is die volgende:

Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiens
Liggaamlike Opvoeding
Klasmusiek
Jeugweerbaarheid
Voorligting (net vir standerds 8 tot 10).

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans
Engels

Wiskunde (net vir standerds 5, 6 en 7)
Geskiedenis (net vir standerds 5, 6 en 7)
Aardrykskunde (standerds 5 tot 10)
Algemene Wetenskap (standerds 5, 6 en 7)
Rekeningkunde (standerds 6 tot 10)
Kuns (standerd 6)
Huisvlyt (standerds 6 en 7 dogters)
Bedryfskennis (standerds 6 en 7 seuns)
Bedryfsekonomie (standerds 8 tot 10)
Tikskrif (standerds 7 tot 10)
Basiese tegnieke (standerd 5).

3. <u>Kommentaar</u>

Die skole het aan die begin van 1974 'n begin gemaak met die ingebruikneming van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, geskoei op die lees van die voorstelle vervat in deel 1 van die Verslag van die Komitee vir Gedifferensieer= de Onderwys en Voorligting. Dié nuwe reëling het alleen betrekking op die sekondêre skool, en op die verstandelik domnormale en normale leerlinge. Die situasie in die pre-primêre en primêre afdelings van die skool asook die si= tuasie van die verstandelik ernstig gestremde kind bly onveranderd.

f. <u>Groepering van leerlinge</u>

Volgens waarnemings by die W.K. du Plessisskool, word leerlinge in breë trekke soos volg gegroepeer:

1. Die pre-primêre groep is klein en word nie onderverdeel nie.

2. Die primêre groep.

   (a) Grade 1 en 2 word saam gegroepeer en aan een onderwy= seres toegesê.

   (b) Standerds 1 tot 5 word saamgegroepeer en in twee groepe, naamlik 'n Afrikaans- en 'n Engelssprekende groep verdeel. Elke groep word aan een onderwyser(es) toegesê.

3. Die sekondêre groep word in standerds 6, 7, 8, 9 en 10 op= gedeel en ontvang vakonderwys van verskillende vakonderwy= sers.

4. Die "spesiale" groep wat op grond van hul ouderdom nie as primêre skoolleerlinge gesien kan word nie, maar wat as

gevolg van beperkte verstandelike moontlikhede slegs die mees elementêre skoolwerk kan doen. Hulle is in twee groepe verdeel. Elke groep ontvang vir een helfte van die skooldag onderrig in praktiese vakke soos Handwerk vir seuns (by een onderwyser) en Huishoudkunde vir die dogters (by 'n onderwyseres) en vir die ander helfte van die dag by 'n ander onderwyser onderrig in Lees, Skryf en Rekene.

Ooreenkomstig 'n "Handleiding aan skole insake Gedifferen=sieerde Onderwys", wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding aan die skole gestuur is, word die volgende groe=perings vanaf die begin van 1974 gedoen:

(a) 'n Junior primêre groep.

(b) 'n Senior primêre groep.

(c) 'n Junior sekondêre groep.

(d) 'n Senior sekondêre groep.

(e) 'n Groep wat die praktiese kursus volg.

Daar word nie in die handleiding verwys na die pre-primêre of die "spesiale" groep nie.

g. <u>Aanbieding, verwerking en meting (metodiek)</u>

Die wyses van aanbieding en meting verskil nie wesenlik van dié in die gewone skole nie. Die probleem dat onderwysers in die primêre afdeling te veel groepe gelyktydig moet onderrig, word oorbrug deur kinders taakwerk te laat doen. Dit bring mee dat die onderwyser(es) vir die grootste deel van die dag take stel of hulp verleen. Aandagsfluktuasie is 'n probleem waarmee feit=lik al die kinders worstel. Hulle aandag word voortdurend af=getrek deur 'n onderwyseres wat besig is om take aan ander kin=ders op te dra of te verduidelik.

Epileptiese toevalle as sodanig lewer slegs minimale probleme by die aanbieding en verwerking van die leerstof en meting van wat die kind geleer het. Aandagsfluktuasie, 'n swak geheue en affektiewe oorspoelings skyn die belangrikste probleme te wees waarmee onderwysers(esse) rekening moet hou.

h. <u>Sertifikaatuitreiking</u>

Vanaf standerd 6 tot en met standerd 10 reik die Departement van Nasionale Opvoeding sertifikate uit. Die eksamen is intern behalwe vir standerd 10 (Nasionale Senior Sertifikaat) wat ek=stern is. In gevalle waar 'n kind oor die nodige aanleg beskik

en die belangstelling het, tref die skole spesiale maatreëls om dié kinders vir die universiteitstoelatingseksamen voor te berei.

i. Die aard en omvang van ortodidaktiese hulp

Die skole is meer bekend met die term remediële onderwys. Daar word egter nie vir remediële onderwys in die besonder voorsie= ning gemaak nie. Die gedagte skyn te wees dat alle onderwys aan dié skole in wese remediële onderwys is. Indien 'n onder= wyser voel dat hy in indiwiduele gevalle nie die nodige hulp kan verleen nie, kan die hulp van die hoof, vise-hoof of onder= wyser-sielkundige ingeroep word.

j. Dienste van mediese en paramediese personeel

Daar kan op die volgende gewys word:

1. 'n Neuroloog besoek elke skool een keer per week om hulp te verleen in verband met probleme wat direk voortspruit uit die epileptiese toevalle wat die kinders kry.

2. 'n Algemene praktisyn besoek die skool een keer per week om na die kinders se algemene gesondheidstoestand om te sien.

3. In elke koshuis is daar altyd 'n verpleegster aan diens.

4. 'n Gekwalifiseerde suster is gedurende skooltyd aan diens en beskik oor 'n eie kantoor. Die medikamente is in haar sorg en sy reik dit uit tesame met voorskrifte aan die ver= pleegsters.

5. Geeneen van die skole beskik oor die dienste van 'n spraak- of arbeidsterapeut nie.

k. Skoolvoorligting aan epileptiese leerlinge

Voorligting aan indiwiduele leerlinge word grootliks deur die onderwyspersoneel wat die kinders ken en begryp, behartig. In= dien probleme opduik, kan die hulp van die hoof, vise-hoof of onderwyser-sielkundige ingeroep word. Aan die Jan Krielskool word vir voorligtingsperiodes vir standerds 8, 9 en 10 voorsie= ning gemaak. Die sillabusse is saamgestel deur die onderwyser- sielkundige aan die hand van handboekies verkry van provinsiale onderwysdepartemente.

## 1. 1. Beroepsmoontlikhede van epileptiese leerlinge

Ondersoeke wat in verskillende lande onderneem is, dui daarop dat epilepsie nie 'n persoon se werkvermoë wesenlik beïnvloed nie. Epileptici doen net sulke goeie, en in baie gevalle selfs werk van 'n hoër gehalte, as die gemid= delde, gesonde werker. Omdat 'n epileptikus tydens 'n toeval sy bewussyn verloor, is sommige beroepe vir hom uit= gesluit. Baie ander beroepe is egter geskik vir epilep= tici. Daar is ook gevind dat indien die epileptikus in die regte werk geplaas word, hy nie 'n groter veiligheids= risiko as gesonde werkers is nie. Faktore anders as die epileptiese toevalle (byvoorbeeld intelligensie, aanleg en belangstelling) bepaal 'n epileptikus se geskiktheid vir 'n bepaalde beroep. Baie ondersoekers het gevind dat daar so 'n mate van vooroordeel teenoor epileptici bestaan dat hulle summier uit hul werk ontslaan word sodra die werkgewer vas= stel dat hulle aan epilepsie ly. Meer resente ondersoeke dui egter daarop dat die situasie nie heeltemal so hopeloos is as wat skrywers dit voorheen gestel het nie. Baie epi= leptici verloor hulle werk as gevolg van faktore anders as die epileptiese toevalle - veral ongunstige persoonstrekke wat van hulle swak kollegas en werkers maak. 'n Kind wat 'n skool vir epileptici moet bywoon, doen dit weens die feit dat hy hom in die situasie aan die gewone skool vasge= loop het. Heelwat van hierdie leerlinge toon dus van jongs af reeds persoonstrekke wat hulle onbevoeg maak om suksesvolle werkers te word. Vir sover dit werkverskaf= fing aan hul leerlinge betref, berig die skole vir epilep= tici hier te lande dat dit nie heeltemal hopeloos is nie. Die belangrikste leemte skyn te wees dat kanale waardeur die skool die kind nog kan ondersteun nadat hy begin werk het, ontbreek. Geskikte losies vir veral dogters wat be= gin werk, lewer ook ernstige probleme. Kinders wat nie oor minstens 'n standerd 8-sertifikaat beskik nie, vind dit moeilik om werk te kry. Die Industriële Werksentrums vir Epileptici wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsie Liga opgerig word, gaan 'n belangrike leemte vul. Die Departement van Nasionale Opvoeding behoort hierdie skema te ondersteun aangesien dit wesenlik 'n vorm van voortge= sette opvoedingshulp aan die kinders beteken.

## 2. Die uitplasing van epileptiese leerlinge in beroepe

Die meerderheid van die kinders se ouers kry vir hulle werk. Soms moet die skool help en die onderwyser-sielkundige is dan met dié diens belas. Die Werkverskaffingsdiens van die Departement van Arbeid en die Suid-Afrikaanse Nasionale

Epilepsie-Liga help ook soms om vir die kinders werk te vind.

m. <u>Nasorg</u>

Die skole beskik nie oor die personeel om nasorgdiens te lewer nie. Aangesien dit as 'n leemte aangevoel word, het die Jan Krielskool gevolglik voorsiening gemaak vir die pos van maat=skaplike werkster wat onder andere ook nasorgdiens moet lewer. Hierdie pos word egter nie ten volle deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer nie. Kinders wat kommunikasie met die skool behou nadat hulle begin werk het, ondervind oor die algemeen min probleme. Dit geld ook vir daardie kinders wat aanvanklik sukkel om werk te kry.

n. <u>Die aard van die opleiding van onderwysers vir epileptiese leerlinge</u>

Die minimum kwalifikasie wat die Departement van Nasionale Op=voeding vereis, is 'n gewone onderwysdiploma. Die Departement moedig onderwysers aan om hulle verder te bekwaam. Die hoofde self stel dit as vereiste dat die onderwysers die kinders moet aanvaar soos hulle is - wat daarop dui dat hulle die <u>probleme</u> van die epileptiese kind moet begryp. Hulle stel dit meer pertinent dat die onderwyser kennis moet hê van die onderwys aan verstandelik gestremde leerlinge.

## 2 AANBEVELINGS

### 2.1 AFSONDERLIKE SKOLE VIR EPILEPTICI

a. <u>Motiverings oor die algemeen</u>

Uit die ondersoek het geblyk dat slegs 'n geringe persentasie van alle epileptiese kinders hulle onderwys aan skole vir epi=leptici ontvang. Alhoewel presiese syfers nie beskikbaar is nie, kan aangeneem word dat meer as 90 persent van alle epilep=tiese kinders hulle onderwys aan gewone skole ontvang. Die vraag doen hom dus voor of die bestaan van afsonderlike skole vir epileptici geregverdig is en indien wel, op watter gronde?

In lande soos die VSA en die Vlaamssprekende deel van België word epilepsie nie as 'n gestremdheid wat buitengewone onderwys genoodsaak, beskou nie. Voorts word in Engeland, Nederland en Denemarke van die standpunt uitgegaan dat epileptiese kinders wat na skole vir epileptici gaan, verkieslik tydelik daar moet bly. Sodra moontlike gedragsprobleme verhelp is en sy skoolwerk

weer op 'n bevredigende peil gebring is, moet die kind na 'n gewone skool teruggestuur word. In die Republiek van Suid-Afrika is die beleid dat epileptiese kinders verkieslik aan gewone skole moet bly, maar dat vir dié van hulle wat aan die gewone skole misluk, voorsiening gemaak moet word in die vorm van spesiale skole. Die uitgangspunt is dat epilepsie as sodanig 'n kind nie in die didaktiese situasie strem nie, maar dat, as gevolg van die epileptiese toevalle, ander faktore kan intree wat tot gevolg kan hê dat die kind hom in die situasie aan die gewone skool kan vasloop. So 'n kind het buitengewone hulp nodig.

In paragrawe 1.3 en 1.4 is gewys op die ernstige probleme wat daar in die opvoedingsituasie van die epileptiese kind kan ontstaan en op die ingrypende wyse waarop hierdie probleme die wordingsverloop en in die besonder die skoolprestasie van die kind kan beïnvloed. Liggaamlikheid en liggaamsbelewing vorm vir die epileptiese kind 'n andersoortige probleem as vir 'n kind met 'n andersoortige gestremdheid, sodat die buitengewone hulp wat die epileptiese kind nodig het, in baie opsigte uniek is. Die meerderheid epileptiese kinders se ouers en ander opvoeders (onderwysers) is opgewasse om die geïntensiveerde opvoedingshulp te verleen, maar daar is ongelukkig ook daardie klein persentasie by wie die opvoedingsgebeure skeefloop omdat die ouers en ander opvoeders (byvoorbeeld onderwysers) nie by magte is om die veranderde opvoedingsituasie wat die epileptiese kind skep, te verwerk nie. Affektiewe ontwrigting wat dientengevolge intree, vereis dringende buitengewone opvoedingshulp.

Die gedagte dat die epileptiese kind se probleme wesenlik sielkundig van aard is en dat sy gedrag bloot deur terapie "genormaliseer" kan word, kan nie aanvaar word nie. Die kind leef, met sy epilepsie, na die toekoms toe. As gevolg van sy toestand van epilepsie kom hy telkens voor probleemsituasies te staan en indien die korrekte opvoedingshulp dan nie beskikbaar is nie, sal hy aanhoudend ontspoor en sal die indruk uiteindelik posvat dat hy 'n "sielkundige geval" is wat bestem is tot wangedrag - tot mislukking as mens dus. Waar die ouers nie die nodige opvoedingshulp kan verleen nie, moet die onderwysowerhede dan sorg dat die kind die nodige hulp kry. Sommige epileptiese kinders het beslis nood aan buitengewone opvoeding en afsonderlike skole vir epileptici blyk dus nodig te wees.

In paragrawe 1.3 en 1.4 is aangetoon dat epilepsie 'n unieke probleem vorm vir die kind wat daaraan ly, veral as gevolg van die onsekerheid wat die andersins "normale" kind belewe as gevolg van die gedurig teenwoordige moontlikheid dat hy enige oomblik 'n epileptiese toeval kan kry. Dit het tot gevolg dat die buitengewone

opvoedingshulp, veral hulp op affektiewe en normatiewe basis, ook uniek van aard is. Die mediese behandeling van die epilep= tiese kind behoort so 'n integrale deel van sy totale opvoedings= program te vorm dat dit ook om hierdie rede wenslik skyn te wees om die kinders in een of meer skole bymekaar te hou. Uit die ondersoek blyk egter dat daar geen geldige redes aangevoer kan word waarom kinders wat nie aan epilepsie ly nie, nie ook na so 'n skool gestuur kan word nie. Die enigste voorwaarde vir 'n skool vir epileptici is dat die skool in staat moet wees om aan die kind buitengewone opvoedingshulp en die nodige mediese be= handeling te bied.

'n Belangrike beswaar teen die afsonderlike skool vir epileptici is dat in so 'n skool 'n "epileptiese" milieu geskep word wat, as gevolg van die onkunde en vooroordeel wat teenoor epilepsie bestaan, by die publiek die indruk laat ontstaan dat die skool primêr 'n inrigting vir die behandeling (medies en sielkundig) van epileptiese kinders is, eerder as dat dit 'n skool is waar die kinders volwaardige opvoeding en onderwys ontvang. Aanbe= velings wat volg, is daarop gemik om die spesiale skole in 'n posisie te plaas om deur eie inspanning hierdie probleem reg te stel.

Omdat elkeen van hierdie kinders opvoedingshulp nodig het, skyn dit nie wenslik te wees om as beleid te aanvaar dat dié kinders slegs tydelik aan die afsonderlike skole vir epileptici moet bly en dat hulle na hul ouerhuise en gewone skole terug moet gaan sodra hulle probleme uitgestryk en hul skoolwerk weer op 'n be= vredigende peil gebring is nie. Tensy toestande tuis radikaal verander het, beteken dit dat die kind weer aan verwaarlosing uitgelewer word. Dié probleem is in Nederland raakgesien en daar het die Koningin Emma Kliniek (spesiale skool) te Meer en Bosch, buite-afdelings in verskeie dele van Nederland gestig, waar kinders wat na hul ouerhuise en gewone skole teruggestuur word, onder toesig bly. Dit skyn dus wenslik te wees om as beleid te aanvaar dat kinders slegs in uitsonderlike gevalle vanaf die koshuis verbonde aan die spesiale skool na hul ouer= huise teruggestuur moet word om vanuit die ouerhuis weer 'n gewone skool te besoek.

In die verloop van hierdie uiteensetting het verskeie aangeleent= hede na vore getree wat as argumente ten gunste van afsonderlike skole vir epileptiese kinders kan dien. Enkeles hiervan is byvoorbeeld die didakties-pedagogiese probleme wat geskep word deur geheueverlies en terugstrekkende geheueverlies (retro-ak= tiewe amnesie), swak geheue, stadige werktempo, afwykende gedrag as simptoom van die epileptiese prosesse in die brein en die moontlikheid dat die aandag deur onwaarneembare ligte toevalle

onderbreek kan word. Die selfstandige aard van hierdie aangeleenthede as oorsake vir leerprobleme kan egter nie bo enige twyfel bevestig word nie. Die aanduidinge is tewens baie sterk dat 'n onstabiele gemoedslewe onderliggend aan meeste van die waargenome probleme is. Dit is dan ook gestel dat die koshuis 'n besondere belangrike plek in 'n skool vir epileptiese kinders moet inneem.

Uit die ondersoek blyk dit dat epilepsie neig om 'n kind se toekomsperspektief te verduister. Daar kan ook gestel word dat elke lessituasie onder andere ten doel het om toenemend vir elke kind 'n sinvolle toekoms te open. Telkens is daarop gewys dat 'n kind sy eie betrokkenheid by die leergebeure as sinvol moet belewe en dat die mate waarin die leergebeure bydra om vir die kind toekoms te open onder andere bepaal in watter mate hy die leergebeure as sinvol sal belewe. Uit die besprekings in die voorgaande paragrawe kan maklik afgelei word dat kinders wat na skole vir epileptici gaan, primêr gekenmerk word deur gedragsafwykinge en/of 'n labiele affektiwiteit wat spruit uit onsekere opvoedingsbemoeienisse en dat hierdie probleem deur pedoterapie reggestel kan word. Feit is dat epileptiese toevalle en die epileptiese toestand wat moeilik, en in die geval van sommige kinders glad nie genees kan word nie, onderliggend is aan die problematiese situasie waarin die kind verkeer, en tot tyd en wyl die kind van sy epilepsie genees is, sal met 'n intensiewe vorm van pedoterapie - wesenlik ortopedagogie - volgehou moet word. Elke les bevat die moontlikheid om op enige oomblik probleme van diepliggende persoonlike aard vir die epileptiese kind na vore te roep wat neig om sy aandag vas te hou sodat hy nie optimaal aan die lesverloop kan deelneem nie. In 'n gewone klas van tussen twintig en veertig leerlinge wat nie wesenlike leerprobleme ondervind nie en deur 'n onderwyser onderrig word wat nie van die besondere probleme waarmee 'n epileptiese kind worstel, bewus is nie, kan die dwaling van die kind se aandag òf ongemerk verbygaan òf, waar dit wel opgemerk word, kan dit gebeur dat die primêre oorsaak van die dwaling nie raakgesien word nie. Dit is dus duidelik dat daardie epileptiese kinders wie se opvoeding deur onsekerheid (aan die kant van hul natuurlike opvoeders) gekenmerk word, daaraan behoefte het om in hulle onderrig indiwiduele aandag te ontvang en wel van onderwysers wat hulle probleme begryp.

b. Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat die huidige praktyk, te wete dat daar afsonderlike skole vir epileptici ingestel is, gehandhaaf word en dat meer skole tot stand gebring word soos wat die vraag daarna toeneem.

## 2.2 'N GEDIFFERENSIEERDE STELSEL VAN SKOLE VIR EPILEPTICI

### a. Motivering

#### 1. Indeling van epileptiese leerlinge op grond van verstandelike moontlikhede

Die motivering vir die instandhouding van afsonderlike skole vir epileptici berus nie op bepaalde leerprobleme wat waargeneem, en die gevolg van epileptiese toevalle as sodanig is nie. Die skool vir epileptici word van die gewone skool onderskei deurdat sy taak primêr ortopedagogies van aard is. Die kinders aan skole vir epileptici is, vir sover dit aangebore moontlikhede betref, verteenwoordigend van die totale Blanke skoolbevolking in die Republiek van Suid-Afrika. Dit sal dus sinvol wees om in skole vir epileptici, verskille in verstandelike moontlikhede as breë basis vir differensiasie te neem. In ooreenstemming met die praktyk soos dit in die algemeen in die Republiek van Suid-Afrika aangetref word, kan epileptiese kinders, op grond van verstandelike moontlikhede soos volg onderverdeel word:

(a) Verstandelik ernstig gestremde epileptiese kinders

'n IK-syfer as enigste kriterium vir die bepaling van 'n kind se verstandelike moontlikhede is uiters onbetroubaar. Vir die doeleindes van klassifisering met die oog op ge= differensieerde onderwys is dit egter handig om na IK-syfers te verwys. Daar moet nogtans onthou word dat 'n IK-syfer nooit as die enigste of selfs belangrikste kriterium vir klassifikasie kan dien nie. Bykomende "toetse" of verken= ningsmedia moet ingeskakel word (kyk paragraaf 2.2. b. 6.) Wanneer in hierdie verslag na verstandelik ernstig gestremde kinders verwys word, word bedoel kinders met 'n IK-syfer van onder 60. Sonder om die IK-syfer in aanmerking te neem, kan die verstandelik ernstig gestremde kinders aan skole vir epileptici nog uitgeken word op grond van die feit dat hulle slegs die mees elementêre skoolwerk kan be= meester. Dié kinders word daarom aan die gewone klasse onttrek en vorm 'n groep wat by die spesiale skole bekend is as die "handwerkklasse" of ook "spesiale klasse". Hier= die groep leerlinge vorm sowat 'n derde van die totale leer= lingtal aan skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika. Die meerderheid van hierdie leerlinge is reeds te oud vir die primêre skool, maar is, soos reeds vermeld, in staat om slegs die mees elementêre skoolwerk te doen. Die teenwoordigheid van hierdie kinders skep vir die skool vir epileptici unieke probleme. By die algemene publiek be= staan daar reeds 'n onredelike vooroordeel teenoor epilep=

tici (kyk paragraaf 1.3). Die publiek is oor die algemeen ook die mening toegedaan dat alle epileptici òf verstandelik gestremd is, òf besig is om verstandelik te degenereer tot 'n vlak van swaksinnigheid (kyk paragraaf 1.3). Uit hoofde van dié vooroordele en wanbegrippe, kleef daar reeds 'n stigma aan skole vir epileptici – 'n stigma wat versterk word deur die teenwoordigheid van die verstandelik ernstig gestremde leerlinge aan dié skole. Die indruk word geskep dat 'n skool vir epileptici 'n inrigting is vir kinders wat bestem is om op verstandelike gebied tot die vlak van swaksinnigheid te degenereer. Hiermee word nie te kenne gegee dat hierdie kinders minderwaardig is aan ander kinders nie. Hulle gelykwaardigheid aan alle kinders, vereis juis dat hulle dubbele gestremdheid raakgesien en dat voorsiening gemaak moet word vir buitengewone opvoedingshulp aan hulle as 'n groep.

Personeel verbonde aan skole vir epileptici het die mening uitgespreek dat hierdie groep leerlinge baat by die teenwoordigheid van relatief gesproke, meer intelligente kinders aan dieselfde skool. Die meer intelligente kinders neem die leiding in talle bedrywighede en deur identifikasie word die verstandelik ernstig gestremde kind in staat gestel om vorm te gee aan 'n eie lewenspatroon. Hierdie opvatting is waarskynlik in 'n mate korrek, maar verteenwoordig slegs een keerkant van die totale probleem. Onverantwoordelike optrede deur die meer intelligente kinders kan daartoe lei dat die verstandelik swakker bedeelde kind verkeerde lewensgewoontes aanleer, of dit kan daartoe lei dat hy hom in so 'n mate as minderwaardig beleef dat hy nie bevredigend aan 'n eie lewenspatroon kan vorm gee nie. Die vraag moet ook gestel word of dit uit morele en opvoedkundige oogpunte gesien, geregverdig kan word om die meer intelligente kind as 'n middel te gebruik om 'n doel te bereik wat meer bevredigend deur verantwoorde bemoeienis van die opvoeder self bereik kan word. Personeel verbonde aan skole vir epileptici het verder ook die mening uitgespreek dat die meer intelligente kinders neig om weens, onder andere die aanwesigheid van die verstandelik ernstig gestremde kinders, die spesiale skool as 'n inrigting vir afwykende kinders te beleef.

Wanneer epilepsie en verstandelike gestremdheid saamgaan, is dit gewoonlik moeilik om die epileptiese toevalle onder beheer te kry (kyk paragraaf 1.2). Daar word dus voorsien dat die getalle van die verstandelik ernstig gestremde epileptiese leerlinge sal toeneem namate die bevolking groei.

Die skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika is tans nie voldoende toegerus vir die opvoeding van hier=die kinders nie. In die algemeen vormende vakke het hulle reeds hul grense bereik en die onderwys alhier geskied jaar na jaar op dieselfde vlak. Die handwerkklasse word nie aangebied met die oog op voorbereiding vir 'n bepaalde be=roepstoekoms nie, maar alleen ter wille van die terapeutie=se waarde daarvan. Dié kinders word in die handwerkklasse met houtwerk besig gehou, veral met die maak van eenvoudige speelgoed. Vanweë hul uiters beperkte verstandelike moont=likhede kan hulle egter nooit 'n standaard van vakmanskap bereik wat hulle in staat sal stel om tot die ope arbeids=mark toe te tree nie. Die ortopedagogiese en ortodidak=tiese maatreëls wat hierdie kinders vereis, is dus anders as dié wat verstandelik beter bedeelde epileptiese kinders vereis. Dit skyn dus wenslik te wees om aparte skole spe=sifiek vir die verstandelik ernstig gestremde epileptiese kinders te stig. Dié kinders het buitengewone onderwys nodig op grond van hul beperkte verstandelike moontlikhede en daar kan dus geen geldige besware teen ingebring word om kinders van <u>gelyke verstandelike moontlikhede</u> wat nie aan epilepsie ly nie, ook tot dié skole toe te laat. Om mediese en ortopedagogiese oorwegings is dit nie wenslik om dié kinders oor te veel skole te versprei nie, maar daar bestaan geen redes waarom hulle juis as groep afgesonder moet word nie.

Dit skyn dus wenslik te wees om as beleid te aanvaar dat, indien ander (veral ekonomiese) oorwegings dit vereis, kin=ders met gelyke verstandelike moontlikhede wat nie aan epi=lepsie ly nie, ook tot afsonderlike skole vir verstandelik ernstig gestremde epileptiese kinders toegelaat moet word.

(b) <u>Die verstandelik gestremde epileptiese kinders</u>

Hierdie kinders se IK "meet" tussen ± 60 en ± 80. Hier moet egter weer daarop gewys word dat 'n IK-syfer as kri=terium vir klassifikasie onbetroubaar is en dat al die ver=kenningsmedia genoem in paragraaf 2.2 b. 6. ingeskakel moet word voordat tot 'n besluit aangaande die kind se ver=standelike moontlikhede geraak kan word. Uiteindelik sal die kind se prestasie op skool die deurslaggewende kriterium vir klassifikasie wees.

Die verstandelik gestremde kinders wat nie aan epilepsie ly nie, ontvang hulle onderwys aan afsonderlike skole wat onder beheer staan van die provinsiale onderwysdepartemente. Dit op sigself dui daarop dat dié kinders bloot op grond

van hul verstandelike gestremdheid buitengewone onderwys nodig het. Vir sover dit epileptiese kinders aanbetref, het dit egter uit die ondersoek geblyk dat verskeie faktore, veral affektiewe ontwrigting, kan meehelp om dié kinders se verstandelike vorming ernstig te rem. Die gevolg is dat van die kinders soos verstandelik gestremde kinders kan presteer terwyl hulle in werklikheid verstandelik dom= normaal of selfs normaal mag wees. Dit kan dus gebeur dat, met die nodige ortopedagogiese hulp sommige van dié kinders se skoolprestasies kan verbeter. Dit skyn dus nie wenslik te wees om 'n te streng skeiding tussen verstandelik ge= stremde en domnormale epileptiese kinders te maak nie.

(c) <u>Die verstandelik domnormale epileptiese kinders</u>

Hierdie is kinders met 'n IK tussen sowat 80 en ongeveer 90. Die reeds genoemde verkenningsmedia (kyk 2.2 b. 6.) moet egter ingeskakel word voordat tot 'n besluit geraak kan word oor die kind se verstandelike moontlikhede. Skoolpres= tasie is egter ook hier van deurslaggewende belang as krite= rium vir indeling met die oog op gedifferensieerde onderwys. Gewoonlik ontvang domnormale leerlinge hul onderwys aan ge= wone skole, maar volg 'n spesifiek beroepsgerigte kursus wat eindig by standerd 8 (40, p. 182). Soos reeds aange= toon, is dit in die geval van epileptiese kinders, nie wens= lik om indelinge op grond van verstandelike moontlikhede te streng te maak nie. Die verstandelik domnormale epilep= tiese kind verkeer verder in 'n unieke situasie. Sy be= perkte verstandelike moontlikhede beperk reeds die beroeps= moontlikhede wat vir hom beskikbaar is, terwyl sy epilepsie 'n verdere beperking in dié opsig vorm. Tensy die onder= wys aan hierdie kinders gerig is op voorbereiding vir be= roepe wat spesifiek vir domnormale epileptici in die ar= beidsmark beskikbaar is, gaan hierdie epileptiese jeugdiges reeds vroeg in hul beroepslewe probleme ondervind wat hulle moeilik sal kan oplos. Dit is duidelik dat die gewone skole nie voldoende voorsiening kan maak vir die onderwys= behoeftes van hierdie groep epileptiese leerlinge nie. Hierdie afleiding word bevestig deur RGN-verslag MT-7 (48), waar 'n gemiddelde IK van 91,08 vir epileptiese leerlinge teenoor 'n gemiddelde van 101,87 vir die universum verstrek word. Gesien in die lig van die feit dat die meeste onder= soekers gevind het dat die gemiddelde IK van epileptiese kinders baie weinig van dié van nie-epileptiese kinders verskil, kan die afleiding gemaak word dat die betrokke RGN-verslag ook daarop dui dat epileptiese kinders aan ge= wone skole met probleme worstel wat kan veroorsaak dat hulle onderpresteer (ook in hul IK-toetse).

Dit skyn dus wenslik te wees dat daar, veral vir sover dit die onderwys van die domnormale epileptiese kind betref, 'n groter mate van samewerking tussen gewone skole en skole vir epileptici moet bestaan.

Samevattend kan daarop gewys word dat die verstandelik dom= normale epileptiese leerling oor die verstandelike moontlik= hede beskik om suksesvol op die ope arbeidsmark mee te ding, maar dat sy epilepsie die beroepsmoontlikhede wat vir hom beskikbaar is, baie beperk. Sy onderwys moet dus spesifiek beroepsgerigte onderwys wees waar "beroepsgerigte" hier in 'n groter mate gerigtheid op spesifieke beroepe dui, en nie net op breëre beroepsrigtings nie.

(d) Verstandelik normale en bonormale epileptiese kinders

Tot dusver het slegs 'n baie geringe persentasie leerlinge aan die skole vir epileptici verder as die Nasionale Junior Sertifikaat (standerd 8) gevorder. Dit dui natuurlik nie daarop dat al die epileptiese kinders wat dié skole aan die einde van standerd 8 verlaat om te gaan werk, verstandelik domnormaal is nie. Dit sou meer korrek wees om te aanvaar dat sommige van dié kinders onderpresteer en die skool te gou verlaat. Gesien in die lig van bevindinge dat IK-ver= spreiding by epileptici feitlik ooreenkom met die normale IK-verspreiding (kyk paragraaf 1.3), moet egter tot die ge= volgtrekking gekom word dat die verstandelik normale en bo= normale epileptiese kinders oor die algemeen hulle onderwys aan gewone skole ontvang. Die redes vir hierdie verskyn= sel kan nie hier bespreek word nie. Ook die vraag of hier= die kinders aan die gewone skole altyd ooreenkomstig hul aangebore moontlikhede presteer, val buite die bestek van hierdie verslag. Gesien in die lig van RGN-verslag MT-7 (48) blyk dit egter geregverdig te wees om tot die gevolg= trekking te kom dat baie van hierdie kinders benede hul moontlikhede presteer. Wat wel hier gekonstateer kan word, is dat baie van hierdie kinders aan die einde van hul skool= loopbane, wanneer hulle tot die beroepslewe moet toetree, voor probleme te staan kom wat neig om hul lewens totaal te ontwrig. Hierdie afleiding word veral gegrond op gesprekke met amptenare in diens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsie-Liga wat dikwels deur skoolverlatende leerlinge genader word om met beroepsprobleme te help. Dit dui daarop dat die onderwys aan hierdie kinders te kort skiet deurdat hulle nie behoorlik georiënteer word ten opsigte van 'n eie beroepstoekoms nie.

Om veral twee redes skyn dit dat hierdie probleem nie

opgelos kan word deur die betrokke kinders na 'n skool vir epileptici te stuur nie, te wete:

(1) Om verskeie redes bied die skole vir epileptiese kin= ders tans net opleiding in 'n handelsrigting. Baie epileptiese kinders stel nie in 'n handelskursus be= lang nie; en

(2) die feit dat 'n skool vir epileptici bygewoon is, eti= ketteer die kind as epileptikus, as gevolg waarvan hy nog groter probleme kan ondervind om geskikte werk te kry.

Die oplossing vir bogenoemde probleme skyn tweërlei van aard te wees, naamlik:

(1) Daar moet sorg gedra word dat die skoolvoorligtingsdiens aan die gewone skole kennis dra van elke kind wat aan epilepsie ly; en

(2) skole vir epileptici moet meer aanvaarbaar gemaak word vir kinders aan gewone skole wat aan epilepsie ly.

2. <u>Vertikale skoolorganisasie met verwysing na bogenoemde groepering van epileptiese leerlinge</u>

(a) <u>Die pre-primêre afdeling van die skool vir epileptiese leerlinge</u>

'n Aantal van die kinders aan die skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika is nog nie skoolgereed nie. Hierdie kinders word in een klas wat beskou kan word as 'n voorbereidings- of rypingsklas, saamgegroepeer.

Geen onderste ouderdomsgrens vir toelating van kinders tot die skole vir epileptici word gestel nie. Die eis word wel gestel dat die kind sindelik moet wees, self moet kan eet en self moet kan bad en aantrek. Sommige van die kin= ders wat tot die skole vir epileptici toegelaat word, is dus jonger as die gewone skooltoelatingsouderdom (drie jaar in die geval van een skool en vyf jaar in die geval van die ander twee skole). As gevolg van verskeie faktore (kyk paragrawe 1.3 en 1.4) kan die epileptiese kind ernstig in sy wordingsgang gerem word en wel in so 'n mate dat van die ouer epileptiese kinders soms nog die beeld van 'n kleuter vertoon. Feitlik al hierdie kinders (ook die wat die pre-primêre afdeling besoek), woon in die koshuis sodat die koshuis beskou moet word as die belangrikste opvoedings=

ruimte in die lewe van hierdie kinders. Die taak van die koshuis ten opsigte van die pre-primêre skoolleerling is plaasvervangend tot die van die ouers en behels basies gemoedsvorming. Die koshuis moet vir hierdie kinders dus so volledig moontlik die basiese struktuur van die gesinsituasie vergestalt. Die onderwysowerhede behoort dringend hieraan aandag te gee.

Een van die belangrikste foute wat ouers met die opvoeding van die epileptiese kind kan maak, is om sy bewegingsvryheid te veel aan bande te lê. Daardeur word nie alleen die ontwikkeling van die kind se bewegingsmoontlikhede gerem nie, maar ook sy tyd-ruimtelike oriëntering en eventueel verloop die taalverwerwing dan ook nie na wense nie. Die skole vir epileptici moet dus voorsiening maak vir apparaat en geleenthede vir die kinders om onder toesig bewegingsmoontlikhede te oefen. Dit beteken dat 'n ope terrein met apparaat wat die kinders tot spontane spel lok, ingerig moet word. Hierdie skyn 'n ernstige leemte te wees wat die aandag van onderwysowerhede vereis.

Die skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika beskik oor voldoende apparaat om die fynere motoriek en ruimtelike oriëntering by die kinders te ontwikkel. Dit wil egter lyk asof daar in die koshuis, dit wil sê die primêre opvoedingsmilieu, nie voldoende aandag aan affektiewe geborgenheid en gemoedsrus gegee word nie, sodat in die klaskamersituasie nie die maksimale nut uit die formele onderrig geput kan word nie. Personeel verbonde aan hierdie skole voel dit ook as 'n ernstige leemte.

Samevattend kan gestel word dat die pre-primêre groep aan die skole vir epileptici nie suiwer as 'n voorbereidingsgroep met die oog op die aanvangsklasse van die primêre skool beskou kan word nie, maar dat hulle tereg nog as kleuters gesien moet word. 'n Dubbele eis word aan die onderwyspersoneel wat met hierdie kinders werk, gestel en hulle behoort aangemoedig te word om hulle deeglik vir hul taak te bekwaam deur toepaslike studiekursusse te volg.

Ondersoekers het waargeneem dat indien 'n kind op 'n baie jeugdige ouderdom epilepsie opdoen die moontlikheid dat hy later verstandelik gestremd sal wees, baie groot is (paragraaf 1.3). Daar is egter ook op gewys dat die verstandelike vorming van 'n kind 'n opvoedingstaak is en dat hierdie taak in die geval van epileptiese kinders dikwels verwaarloos word omdat hulle ouers en onderwysers soms nie die buitengewone hulp waaraan dié kinders behoefte het, kan

verleen nie. Die opvoeding (insluitende onderwys) aan die pre-primêre, en om dieselfde redes ook die junior primêre groep epileptiese leerlinge, moet daarom as van die uiter=ste belang vir hul latere persoonswording gesien word.

(b) <u>Die primêre afdeling van die skool vir epileptiese leerlinge</u>

Die pre-primêre en primêre leerlinge vorm saam sowat 'n derde van die totale getal leerlinge aan die skole vir epi=leptici in die Republiek van Suid-Afrika. Volgens die hoof en personeel van een skool vir epileptici vorder slegs 'n geringe aantal leerlinge (een of twee per jaar) tot die sekondêre skool. Dit verleen aan die primêre afdeling van die skool vir epileptici 'n eie taak bo en behalwe die voor=bereiding van kinders vir sekondêre onderwys. Feitlik is die toestand in die Republiek van Suid-Afrika tans dat die meerderheid primêre skoolleerlinge aan skole vir epileptici verstandelik gestremd is. Die probleem is dat hierdie kinders in die primêre afdeling van die skool gehou word vir solank as wat hulle skoolpligtig is. Die kurrikula en sillabusse wat gevolg word, is dieselfde as die vir die provinsiale primêre skole, wat as opgaaf het die voorberei=ding van die kinders vir sekondêre onderwys. Daar bestaan nie 'n onderwys- en opvoedingsprogram wat gemik is op die afronding van die onderwys aan hierdie kinders nie. Die belange van die primêre afdeling word blykbaar ondergeskik gestel aan die belange van die sekondêre afdeling, veral wat betref die toekenning van onderwyspersoneel aan die verskillende afdelings.

Verskeie oorwegings maak dit nie wenslik om afsonderlike primêre skole vir epileptici te stig nie. Dit is uiters problematies om op grond van historisiteitsgegewens 'n prog=nose van die epileptiese kind se skoolprestasies te maak. Egte verstandelike degenerasie <u>kan</u> voorkom. Aan die ander kant kan verstandelike prestasies onverwags verbeter as gevolg van ortopedagogiese hulp of as gevolg van die feit dat die toevalle onder beheer gebring word. Die moontlik=heid van verskuiwing van leerlinge tussen die primêre en sekondêre afdelings van die skool moet dus nie verwyder word nie.

'n Verdere probleem is dat baie van die kinders aan die primêre afdeling van die skool reeds te oud vir die primêre skool is, en verstandelik ook nie in staat is om werk van die sekondêre skool te doen nie. Die probleem dui daarop dat 'n opvoedings- en onderwysprogram vir verstandelik

gestremde leerlinge ingestel moet word, en daar kan geen besware teen ingebring word dat hierdie leerlinge dieselfde kurrikula en sillabusse gebruik as wat skole vir gestremde leerlinge wat nie aan epilepsie ly nie, volg.

Die probleem soos tot dusver gestel, dui daarop dat 'n duidelike skeiding tussen die junior en senior primêre afdelings van die skool gemaak behoort te word. Hierdie gevolgtrekking berus veral op die feit dat die senior primêre skoolleerlinge aan die skole vir epileptici dikwels heelwat ouer is as die primêre skoolleerlinge aan gewone skole. Aan die einde van die junior primêre skoolperiode (standerd 1) kan met 'n groot mate van sekerheid vasgestel word of 'n kind verstandelik ernstig gestremd, gestremd of normaal is. Indien aan die einde van standerd 1 'n indeling met die oog op gedifferensieerde onderwys gemaak word, sal dit beteken dat die verstandelik ernstig gestremde kind na 'n aparte skool gestuur word (kyk paragraaf 2.2 a. 1.(a) en aanbevelings 2.2 b.). Die skole vir epileptici sal dan nog voorsiening moet maak vir verstandelik gestremde, domnormale, normale en bonormale leerlinge.

Om redes reeds vermeld, is dit nie wenslik om 'n te skerpe skeiding tussen gestremde en domnormale leerlinge en ook tussen domnormale en normale en bonormale leerlinge te maak nie. Die skole vir epileptici is egter betreklik klein en kan daarom nie voldoende voorsiening maak vir die onderwys aan al die groepe leerlinge nie. Dit blyk dus sinvol te wees om af te lei dat, met die oog op gedifferensieerde onderwys, in die vorm van skooltipes gedifferensieer moet word. Die mees voor-die-hand-liggende oplossing skyn te wees dat skooltipe A, vanaf die begin van die senior primêre skoolperiode (dit wil sê vanaf standerd 2) voorsiening moet maak vir die onderwys van verstandelik domnormale en normale (insluitende bonormale) leerlinge terwyl skooltipe B, ook vanaf die begin van standerd 2, onderwysvoorsiening maak vir verstandelik gestremde en domnormale leerlinge. Skooltipe C sal dan voorsiening maak slegs vir die onderwys van verstandelik ernstig gestremde leerlinge (kyk paragraaf 2.2 a. 1.(a)).

Skooltipes A en B maak, wat betref die pre-primêre en die junior primêre skoolperiodes (dit wil sê voor standerd 2) albei voorsiening vir leerlinge, ongeag hulle verstandelike moontlikhede.

So 'n bedeling hou die volgende voordele in:

(1) Aangesien vir die verstandelik ernstig gestremde en gestremde leerlinge in die vorm van 'n gespesialiseer=de onderwysprogram voorsiening gemaak word, kan in skooltipe A en B 'n boonste ouderdomsgrens vir die junior primêre skoolperiode vasgestel word. Gevolglik kan die pre-primêre en junior primêre groepe as 'n een=heid gesien word en kan 'n gespesialiseerde opvoedings- en onderrigprogram vir hulle voorsien word.

(2) Die aantal uiteenlopende groepe waarvoor elke skool voorsiening moet maak, word verminder, sodat elke skool meer intensief aandag aan die opvoedingsbehoef=tes van elke groep kan gee.

(3) Die moontlikheid om indiwiduele kinders tussen die verskillende groepe te verskuif, sonder ernstige ont=wrigting vir die kind, word behou.

(4) Die moontlikheid vir skole om te differensieer met betrekking tot die beroepsrigting(s) waarvoor elke skool voorsiening maak, word hiermee geopen.

(5) Die skole word in 'n gunstiger posisie geplaas om deur middel van die skoolvoorligter aan die skool 'n deur=lopende studie te maak van die beroepsmoontlikhede wat vir die betrokke epileptiese leerlinge bestaan en van die eise wat in die ope arbeidsmark gestel word vir die indiensneming van daardie groepe epileptiese leer=linge waarvoor die skool voorsiening moet maak.

Aangesien feitlik al die leerlinge in skole vir epileptici tans in koshuise woon, sal so 'n bedeling nie ontwrigting vir indiwiduele kinders meebring nie.

(c) Die sekondêre afdeling van die skool vir epileptiese leerlinge

Die meerderheid sekondêre skoolleerlinge aan die skole vir epileptici het hulle primêre skoolloopbane aan gewone pri=mêre skole voltooi. Dit beteken nie dat hierdie kinders almal eers aan die begin van hul sekondêre skoolloopbane hul eerste toevalle gekry het nie. Baie van dié kinders het reeds op 'n jonger leeftyd hul eerste epileptiese toe=valle gekry, maar het eers met hul toetrede tot die sekon=dêre skool sodanige probleme ondervind dat hulle oorplasing na die spesiale skool genoodsaak is. Die ideaal moet dan wees dat die oorskakeling van die gewone skool na 'n skool vir epileptici met so min moontlik ontwrigting vir die kind

moet geskied. Voorts moet die gedagte wees dat die kind sy onderwys aan die spesiale skool moet gaan voortsit en dat hy so gou moontlik op dieselfde peil gebring moet word as waarop hy in die gewone skool sou gewees het indien sy onderwys nie as gevolg van die epileptiese toevalle en ge=paardgaande probleme gerem is nie. Wat hierbo gestel is, kom daarop neer dat sowel die kurrikula en sillabusse aan skole vir epileptiese leerlinge as die vlak waarop die vakke onderrig word, in so 'n mate met dié aan gewone skole moet ooreenstem, dat 'n kind in enige stadium van sy sekon=dêre skoolloopbaan, sonder ernstige ontwrigting, na 'n oor=eenstemmende standerd aan 'n gewone skool oorgeplaas moet kan word. Die skole vir epileptici is betreklik klein, en indien elke skool vir te veel uiteenlopende groepe kin=ders voorsiening moet maak, kan dit daartoe lei dat sommige groepe ten behoewe van ander groepe afgeskeep word. Die problematiek van die onderwys aan epileptiese leerlinge op sekondêre skoolvlak vereis dus ook dat ten opsigte van skooltipes gedifferensieer word. Die mees voor-die-hand-liggende vorm van differensiasie skyn dié te wees soos in paragraaf 2.2 a. 2.(b) bespreek.

(d) Skematiese voorstelling van drie moontlike tipes skole vir epileptiese leerlinge


Uit die skematiese voorstelling op bladsy 37 blyk onder andere veral die volgende:

(1) Tot by die senior primêre skoolfase word daar nie in die vorm van aparte skole voorsiening gemaak vir dif=ferensiëring op grond van verstandelike vermoëns nie. Differensiëring is 'n interne organisatoriese aange=leentheid vir elke skool.

(2) Skooltipe A, wat opleiding verskaf tot standerd 10 met of sonder universiteitstoelating, kan ook kanale skep om leerlinge die geleentheid te bied om vakke of kursusse waarvoor die skool nie voorsiening maak nie, aan 'n gewone skool te volg.

(3) In al die skooltipes is die grense tussen die verskil=lende kategorieë verstandelik gestremdes vloeibaar omdat die aktualisering van die verstandsvermoë soms verbeter namate die kind se gemoedslewe bestendig raak en sy epileptiese toevalle onder beheer gebring word. Verstandelike degenerasie kom soms ook voor.

(4) Onderwysdepartemente verkies om na skooltipe C te verwys as institute en na die kinders as onopvoedbaar omdat sedelik selfstandige volwassenheid as opvoedingsdoelstelling met hulle nie realiseerbaar is nie.




b. Aanbevelings

Daar word aanbeveel:

1. Dat aparte sentra vir verstandelik ernstig gestremde epileptiese kinders gestig word en dat, indien ander (byvoorbeeld ekonomiese) oorwegings dit noodsaak, hulle ook geplaas kan word in bestaande sentra vir ernstig verstandelik gestremdes.

2. Dat alle ander skole vir epileptiese kinders eerstens vir pre-primêre en junior primêre (standerd 1) onderwys voor=siening maak, en dat in hierdie afdelings van die skole nie ten opsigte van skooltipes gedifferensieer word op grond van verstandelike moontlikhede of skoolprestasie nie.

3. Dat geen onderste ouderdomsgrens vir toelating tot die pre-primêre afdeling van die skool vasgestel word nie, maar dat dit aan die hoofde van die skole oorgelaat word om, in die geval van elke indiwiduele aansoek, te besluit of die kind tot die skool toegelaat kan word, al dan nie.

4. Dat 'n boonste ouderdomsgrens vir die junior primêre afde=ling van die skool vasgestel word en dat hierdie grens onge=veer 'n jaar hoër moet wees as die ouderdom waarop kinders aan gewone skole gewoonlik standerd 1 slaag (dit wil sê ± 10 jaar), of dat dit andersins aan die diskresie van die hoof en sy personeel oorgelaat word.

5. Dat die pre-primêre en junior primêre groepe vir opvoed=kundige doeleindes as 'n eenheid beskou word en dat 'n we=tenskaplik gefundeerde, intensiewe opvoedings- en onderwys=program vir hulle opgestel word.

6. Dat elke kind aan die einde van die junior primêre skool=loopbaan aan die volgende toetse of verkenningsmedia onder=werp moet word ten einde te bepaal in watter groep hy ge=plaas moet word:

   (a) Skoolvordering om die leerling se skolastiese agter=grond te verken.

   (b) Prestasie soos gemeet deur gestandaardiseerde skolas=tiese toetse.

   (c) Biografiese gegewens om die leerling se sosio-ekono=miese agtergrond te verken.

   (d) Mediese verslag.

   (e) Aanlegtoetsresultate.

   (f) Persoonstruktuurondersoek.

   (g) Verstandsvermoë (40, p. 167).

   (h) Toetse ten opsigte van waarnemings- en persepsie=stoornisse.

7. Dat elke kind wat na standerd 1 om toelating tot 'n skool vir epileptici aansoek doen, onmiddellik aan bogenoemde verkenningsmedia onderwerp word ten einde te bepaal in wat= ter groep hy geplaas moet word.

8. Dat met die oog op gedifferensieerde onderwys na standerd 1 die spesiale skole vir epileptici in twee tipes ingedeel moet word. Tipe A moet voorsiening maak vir normale (in= sluitende bonormale) en domnormale leerlinge. Tipe B moet voorsiening maak vir domnormale en verstandelik gestremde leerlinge (kyk skematiese voorstelling (2.2 a. 2(d)).

9. Dat leerlinge in grensgevalle oorgeplaas moet word na dié skole wat ook vir die aangrensende groep voorsiening maak. Byvoorbeeld: 'n Kind ten aansien van wie daar twyfel be= staan of hy by die normale of domnormale groep ingedeel moet word, moet na skooltipe A gestuur word, terwyl 'n kind ten aansien van wie daar twyfel bestaan of hy by die domnormale of verstandelik gestremde groep ingedeel moet word, na skooltipe B gestuur moet word.

## 2.3 MOTIVERING EN AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE KOSHUISE VERBONDE AAN SKOLE VIR EPILEPTIESE LEERLINGE

### a. Motivering

In paragrawe 1.3 en 1.4 van hierdie ondersoek is duidelik aange= toon dat die taak van die skool vir epileptici basies ortopedago= gies van aard is en nie soseer ortodidakties nie. Op grond van veral hierdie bevindinge is aangetoon dat die koshuis van funda= mentele belang vir die skool is en bepalend is vir die mate van sukses wat in alle ander afdelings van die skool behaal word.

Die probleem is tans dat die skole nie geskikte personeel kan bekom om in die koshuise aan te stel nie. Die gevolg is dat die skole gedwing word om die koshuise in die sorg van verpleeg= personeel te laat, terwyl onderwysers, wat nie in die koshuise inwoon nie, om die beurt ná skoolure oor die kinders in die kos= huise toesig hou. Uit die aard van die saak kan 'n onderwyser wat slegs een of twee dae per week aan diens is, sy aandag hoof= saaklik net aan die handhawing van orde gee. Daar bestaan vir hom weinig geleentheid om egte, begrypende en vertrouende opvoe= dingsverhoudinge met die kinders tot stand te bring.

'n Belangrike rede vir die huidige toedrag van sake moet gesoek word in die feit dat die belangrikheid van die opvoedingswerk wat deur huisouers in koshuise gedoen word, nie ten volle deur die onderwysowerhede erken word nie. Die pligte verbonde aan 'n

koshuis word as bykomend tot die skoolpligte gesien en die waarde van die diens wat in die koshuis gelewer word, word as van so min belang geag dat geen opvoedkundige kwalifikasies vir aanstelling as huisouers vereis word nie. In der waarheid word tans aan=vaar dat die aanstelling van huisouers aan koshuise verbonde aan skole vir epileptici onnodig is en word die nodige toesig hoof=saaklik deur verpleërs en/of verpleegsters gedoen.

Dit skyn dus noodsaaklik te wees dat onderwysowerhede onder die besef gebring moet word van die hoogs gespesialiseerde opvoedings=werk wat koshuisouers behoort te kan doen en van die fundamentele belang wat sodanige werk vir die indiwiduele kind en vir die vloeiende verloop van alle ander bedrywighede aan die skool is. Dit beteken dat aanvaar moet word dat elke huisouer in die Orto=pedagogiek geskool behoort te wees aangesien hy as plaasvervan=gende ouer 'n sleutelrol vervul om die gladde verloop van al die skoolbedrywighede te verseker. Die status verbonde aan die pos van huisouer sal gevolglik dienooreenkomstig verhoog moet word.

'n Baie belangrike probleem kan ontstaan indien behuisingsfasi=liteite vir huisouers nie na wense is nie. In hierdie verband moet aanvaar word dat die huisouers oor die algemeen getroude onderwysers met gesinne sal wees en gevolglik moet ruim genoeg woonstelle aan hulle verskaf word. 'n Belangrike aspek in ver=band met behuising vir huisouers skyn te wees dat die woonstelle so geplaas moet word dat die huisouers hulself, ter wille van hul eie private en gesinslewe, soms van die koshuis moet kan dis=tansieer. Hierdie aspek impliseer ook dat daar meer as een on=derwyser(es) aan elke koshuis verbonde moet wees sodat een huis=ouer nie alleen, sonder onderbreking, aan diens moet bly nie. Dit skyn dus onwenslik te wees dat die koshuiseenhede so klein moet wees dat elke eenheid slegs een onderwyser as huisouer reg=verdig.

As opgeleide persoon moet die aard van die huisouer se werksaam=hede nie alleen toesighoudend, met die oog op die handhawing van orde wees nie, maar moet dit veral verband hou met die algemeen opvoedende bedrywighede wat die ouer met sy kind beoefen. Uit die aard van sy huisouerpligte is dit dus noodsaaklik dat die huisouer, 'n senior onderwyspos moet beklee. So 'n bedeling sal ook die pos van huisouer vir toepaslik gekwalifiseerde onder=wysers meer aantreklik maak.

b. Aanbevelings

Daar word aanbeveel:

1. Dat dit as beleid aanvaar moet word dat aan elke koshuis=

eenheid, verbonde aan 'n skool vir epileptici, 'n opgeleide onderwyser en sy eggenote as ouerpaar moet diens doen.

2. Dat 'n minimum kwalifikasie vasgestel moet word waaraan òf die huisvader òf sy eggenote moet voldoen.

3. Dat die kwalifikasie in 2 genoem, verkieslik in die Orto= pedagogiek sal wees.

4. Dat van die huisouer as opvoedkundige verwag moet word dat sy geïntensiveerde opvoedingswerk wetenskaplik gefundeer en verantwoordbaar sal wees. Gevolglik moet in elke kos= huiseenheid 'n kantoor of kliniek ingerig word waar nie al= leen diagnostiese en terapeutiese werk gedoen kan word nie, maar waar alle ter sake besonderhede aangaande elke kind neergeskryf, pedagogies geïnterpreteer en geliasseer kan word.

5. Dat die huisouer 'n pos van senior onderwyser sal beklee op grond van die feit dat hy huisouer is.

6. Dat 'n bykomende toelaag, wat in ooreenstemming moet wees met die waarde van die koshuisdiens wat bo en behalwe sy gewone skoolpligte gelewer word, aan die huisouer betaal sal word.

7. Dat in elke koshuiseenheid 'n opgeleide onderwyser as as= sistent vir die huisouer aangestel sal word.

8. Dat die betrokke assistent ten volle by die ortopedagogiese werksaamhede betrek moet word en dat, indien hy nie in die Ortopedagogiek geskool is nie, hy aangemoedig moet word om kwalifikasies in die rigting te verwerf.

9. Dat ook aan dié assistent 'n toelaag betaal sal word wat in ooreenstemming is met die waarde van die diens wat hy as as= sistent-huisouer in die koshuis lewer.

## 2.4 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE KURSUSSE WAT AAN DIE ONDERSKEIE SKOOLTIPES VIR EPILEPTIESE LEERLINGE GEVOLG SAL WORD

### a. Die verstandelik ernstig gestremde epileptiese leerlinge

#### 1. Motivering

In paragraaf 2.2 a. 1.(a) is aangetoon dat hierdie kinders se verstandelike moontlikhede so beperk is dat hulle slegs die mees

elementêre skoolwerk kan bemeester. Daar kan dus verwag word dat die pligte en verantwoordelikhede wat aan hulle as volwassenes opgelê sal word, uiters begrensd sal wees. Die verstandelik ernstig gestremde persoon (ook as volwassene) se wyse van hantering van en omgang met sy omgewing bly op 'n lae peil. Dit is 'n feit wat van bepalende belang is wanneer besin word oor die kursusse wat vir hierdie leerlinge aangebied moet word. Dit is ook bekend dat enige verbreking van 'n vertroude geroetineerde lewenspatroon vir hulle ernstige probleme kan skep wat hulle vanweë hulle beperkte moontlikhede tot singewing, nie altyd sonder hulp bevredigend kan oplos nie. Waar die doel met die opvoeding volwaardige volwassenheid is, moet aanvaar word dat die doel met die opvoeding van die verstandelik ernstig gestremde kind beperkte volwassenheid is, en wel in dié sin dat hulle vir hulle volle lewensduur die een of ander vorm van hulp nodig sal hê om 'n waardige menslike bestaan te voer.

In die geval van die epileptiese, ernstig gestremde kind vorm sy epilepsie 'n bykomende kompliserende faktor wat sy inskakeling in die beroeps- en maatskaplike lewe verder bemoeilik. Dit is ook bekend dat wanneer epilepsie en verstandelike gestremdheid saamgaan, dit moeilik is om die epileptiese toevalle onder beheer te kry. Epilepsie hou dus, oor die algemeen, vir hierdie kinders as 'n groep 'n ernstiger liggaamlike gestremdheid in as vir die verstandelik beter bedeelde epileptiese kind.

Hierdie kinders kan nie vir 'n bepaalde beroep opgelei word nie. Indien hulle wel daarin slaag om op die ope arbeidsmark werk te kry, doen hulle eenvoudige roetinewerk sodat hulle noodwendig met die Nie-Blanke arbeidsmag moet meeding. Enersyds as gevolg van hulle beperkte verstandelike moontlikhede en andersyds die talle probleme waarmee hulle te kampe kry wanneer hulle tot die beroepslewe toetree, blyk dit sinvol te wees dat die skool (of onderwysowerhede) vir 'n geruime tyd nadat die kinders tot die beroepslewe toegetree het, nog een of ander vorm van hulp moet verleen. Die moontlikheid van samewerking met en steun aan 'n instelling soos die Industriële Werksentrum vir Epileptici wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsie Liga tans te Springs oprig, moet deur die onderwysowerhede oorweeg word en wel as 'n vorm van voortgesette opvoedings- en onderwyshulp aan die epileptiese leerling.

In die lig van die voorafgaande skyn dit sinvol te wees om as breë riglyne neer te lê dat die onderwys aan die verstandelik ernstig gestremde epileptiese leerling prakties van aard en gerig op vormgewing aan en instandhouding van 'n eenvoudige geroetineerde lewenspatroon moet wees. Dit skyn ook sinvol te wees om te aanvaar dat die hoof en personeel verbonde aan 'n spesiale

skool vir verstandelik ernstig gestremde leerlinge, in samewerking met die verantwoordelike inspekteurs, self die kurrikulum en sillabusse vir hierdie kinders moet saamstel en, wanneer nodig, moet wysig om aan die behoeftes van die kinders wat aan elke onderwyser toegesê is, te voldoen.

2. Aanbevelings

Daar word aanbeveel:

(a) Dat die betrokke onderwysowerhede die nodige doen om die opvoedingsdoel vir verstandelik ernstig gestremde leerlinge te formuleer sodat dit as breë riglyn vir die samestelling van 'n kurrikulum en sillabusse vir hierdie kinders kan dien.

(b) Dat die hoof en personeel verbonde aan skole vir verstandelik ernstig gestremde kinders toegelaat sal word om in samewerking met die verantwoordelike inspekteurs en in die lig van die gestelde opvoedingsdoel, self 'n kurrikulum en sillabusse vir hul leerlinge saam te stel en/of te wysig na gelang omstandighede dit vereis.

(c) Dat die onderwysowerhede moontlikhede sal oorweeg waarlangs aan dié kinders steun verleen kan word vir minstens 'n jaar na toetrede tot die beroepslewe, sodat die jeugdige, met die hulp van vertroude opvoeders, homself ten opsigte van die beroeps- en maatskaplike lewe kan oriënteer.

b. Die pre-primêre afdeling van die skool vir epileptiese leerlinge

1. Motivering

Die pre-primêre afdeling van die skool vir epileptici huisves sowel kinders wat in alle opsigte nog as kleuters beskou moet word as kinders wat reeds die skooltoetreeouderdom bereik het, maar wat nog nie skoolgereed is nie en dus voorberei moet word vir die aanvangsklasse van die primêre skool. Uit die ondersoek het dit geblyk en melding is voorheen reeds daarvan gemaak dat epileptiese kinders se ouers neig om onnodige beperkings op hul bewegingsvryheid te plaas. Die gevolg kan onder andere wees dat dié kinders se tyd-ruimtelike oriëntering, taalverwerwing en die ontwikkeling van die waaghouding oor die algemeen ernstig gerem word. Geleenthede tot die oefening van bewegingsmoontlikhede en daarmee saam die kind se tyd-ruimtelike oriëntering en taalverwerwing, moet dus as 'n belangrike aspek van die onderwys aan die pre-primêre epileptiese leerlinge gesien word. Tans is die onderwys aan hierdie kinders te veel klas=

kamergebonde. Die kinders behoort meer geleenthede te kry om onder toesig (selfs deelname) van hul onderwyser(es) sinvolle hardloop-, spring-, klim- en kruipspeletjies te speel. Waarde= volle werk word egter in die klaskamer gedoen en daaraan behoort nie verander te word nie. Daar moet egter aanvaar word dat 'n direkte besigwees en vertroudraak met voorwerpe, wat vir die epileptiese kind neig om 'n fisiese bedreiging te wees, van fun= damentele belang is vir die onderwys van dié kinders. Hierdie kleuters behoort dus vir 'n aansienlike deel van die dag buite die klaskamer deur te bring.

2. Aanbevelings

Daar word aanbeveel:

(a) Dat, aangrensend tot die klaskamer(s) vir die pre-primêre groep leerlinge 'n speelterrein ingerig word. Hierdie speelterrein moet oor oop ruimte en apparaat beskik waar die kinders vry en georganiseerd, onder toesig van 'n onder= wyser(es) kan speel. Spel moet in die geval van die pre-primêre epileptiese leerlinge beskou word as 'n fundamentele aspek van hulle totale onderwysprogram.

(b) Dat op die diensstaat van die skool voorsiening gemaak sal word vir die pos van blanke kleuterhulp om die onderwyser(es) wat met die pre-primêre groep werk, behulpsaam te wees.

(c) Dat die huidige gebruik om dié kinders in 'n klaskamer te onderrig en 'n verskeidenheid hulpmiddele by die onderwys in te skakel, behou moet word, maar die kinders moet 'n korter gedeelte van die skooldag in die klaskamer deurbring.

c. Die primêre afdeling van die skool vir epileptiese leerlinge wat nie ernstig gestremd is nie

1. Motivering met betrekking tot die junior primêre afdeling

Ondersoekers het gevind dat wanneer 'n kind op 'n vroeë leeftyd epilepsie opdoen, die moontlikheid dat hy later verstandelik ge= stremd sal wees, baie groot is. Rodin is selfs van mening dat die verstandelike gestremdheid uiteindelik 'n ernstiger probleem as die epileptiese toevalle kan wees (paragraaf 1.3). Die feit dat sommige epileptici se IK-syfer met die aanvang van epilep= tiese toevalle aansienlik daal, maar baie dikwels weer herstel nadat toevalle onder beheer gebring en die persoon maatskaplik goed versorg is, dui daarop dat verstandelike vorming 'n uiters

belangrike taak met betrekking tot die onderwys vir die heel jong epileptiese kind moet wees. Geen ondersoeke na die verstandelike vorming, as een aspek van die totale opvoeding van die jong epileptiese kind, is egter tot op datum onderneem nie. Totdat 'n omvangryke longitudinale ondersoek na hierdie aangeleentheid onderneem is, moet dus aanvaar word dat die meerderheid kinders wat op 'n vroeë ouderdom epileptiese toevalle begin kry, en die toevalle nie bevredigend onder beheer gebring kan word nie, bestem is tot verstandelike gestremdheid.

Verstandelike gestremdheid sal hom reeds gedurende die junior primêre skoolleeftyd begin openbaar. Vanweë die talle faktore wat die verstandelike vorming van die epileptiese leerling kan rem, sal dit nie gerade wees om reeds gedurende die junior primêre skoolleeftyd 'n besliste skeiding op grond van verstandelike moontlikhede te probeer maak nie. Die ideaal moet wees dat elke kind in die junior primêre skool daardie basiese vaardighede wat nodig is vir voortgesette leer, moet bemeester.

Daar is reeds op gewys dat die epileptiese toevalle neig om die kind se verhouding met die wêreld van die dinge te versteur en dat die kind hierdie wêreld selfs as fisiese bedreiging kan belewe. Die gevolg kan wees dat die kind ernstig gerem word wat betref onder andere die ontwikkeling van sy tyd-ruimtelike oriëntering en taalverwerwing. Daarom is aanbeveel dat spel 'n belangrike en integrale deel van die onderwysprogram vir pre-primêre epileptiese leerlinge moet vorm. Dit sal verkeerd wees om aan te neem dat die probleem reeds opgelos is wanneer die kinders tot die primêre skool toegelaat word. Dit skyn eerder sinvol te wees om te aanvaar dat spel ook in die junior primêre afdeling van die skool 'n belangrike aspek van die onderwysprogram moet vorm. Dit is belangrik dat die apparaat en aard van die speletjies so gekies word dat die onderwyser nie altyd net as organiseerder en toesighouer sal optree nie, maar ter wille van die affektiewe vorming en taalverwerwing, soms ook aktief sal kan saamspeel.

In die aanbevelings wat volg word die vak Liggaamlike Opvoeding ook met die alternatiewe benaming "Spel" aangedui. Die rede is dat klem gelê wil word op die feit dat dit hier nie net om liggaamlike oefening gaan nie, maar om die ontdekking en oefening van al die liggaamlike bewegingsmoontlikhede, ruimtelike oriëntering, affektiewe vorming, taalverwerwing en die wekking van vertroue by die kind in sy omgang met die dinge of objekte. Dit is ook verkieslik dat spel as vak minstens een keer per dag - soms selfs vir twee periodes per dag - aangebied word en dat dit beskou moet word as 'n vak waar die kinders dieselfde mate van indiwiduele aandag nodig het as by die aanbieding van ander vakke.

Afgesien van die feit dat spel as belangrike en integrale deel van die onderwysprogram in die junior primêre skool ingeskakel moet word, moet die epileptiese kind in hierdie stadium van sy skoolloopbaan dieselfde kurrikulum en sillabusse volg as kinders aan gewone skole. Omdat soveel faktore kan bydra tot die ge= reedwording van die epileptiese kind om bepaalde leerinhoude op bepaalde tye te bemeester, moet egter aanvaar word dat die skool vir epileptici toegelaat sal word om telkens wysiginge in die sillabusse aan te bring ten einde in indiwiduele behoeftes van elke kind te voorsien.

2. <u>Motiverings met betrekking tot die senior primêre afdeling van die skool</u>

Daar is reeds aanbeveel dat die epileptiese kinders aan die einde van die junior primêre skoolperiode ingedeel word op grond van verstandelike moontlikhede. Ooreenkomstig die aanbevelings wat reeds gedoen is, sal die verstandelik ernstig gestremde leer= linge dan na 'n eie spesiale skool gaan - in die aanbevelings genoem skooltipe C. Skooltipe A sal dan op senior primêre on= derwysvlak voorsiening maak vir verstandelik domnormale, normale en bonormale leerlinge. Hierdie leerlinge is daartoe in staat om, en behoort daarom, die kurrikulum en sillabusse te volg wat aan gewone skole gebruik word.

Skooltipe B sal op senior primêre onderwysvlak voorsiening maak vir verstandelik gestremde en domnormale leerlinge. Die ver= standelik domnormale leerlinge sal die kurrikulum en sillabusse volg wat kinders aan gewone skole volg. Die verstandelik ge= stremde leerlinge sal dieselfde kurrikulum en sillabusse as kin= ders aan skole vir verstandelik gestremde kinders volg.

Aangesien epileptiese leerlinge aan die primêre skole dieselfde kurrikulum en sillabusse as kinders aan gewone skole moet volg, word die aanbevelings soos vervat in die verslag wat die RGN in 1970 vir die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys opgestel het, vir hierdie leerlinge as toepaslik beskou met die enkele wysi= ging dat die vak Liggaamlike Opvoeding ook met die alternatiewe benaming "Spel" aangedui word (40, p. 171).

Hierin word aanbeveel -

(1) dat die kurrikulum van die primêre skool vir alle leerlinge verpligtend sal wees en dat dit met die oog op die vorming wat leerlinge op die primêre vlak behoort te ondergaan, asook ter wille van 'n gemaklike en sinvolle aansluiting by die beoogde sekondêre onderwysstelsel, uit die volgende verpligte eksamen- en nie-eksamenvakke sal bestaan:

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans

Engels

Algemene Wiskunde

Geskiedenis

Aardrykskunde en

Elementêre Natuurwetenskap;

Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiensopvoeding

Liggaamlike Opvoeding*

Estetiese Opvoeding (waarby onder andere Kuns, Musiek, Sang en Handwerk ingesluit kan wees) en

Skoolvoorligting as 'n diens;

(2) dat waardevolle ondervinding wat reeds in die bestaande onderwyspraktyk opgedoen is, sterk oorweging sal geniet wanneer besluite geneem word oor welke vakke reeds in die aanvangsklas aangebied behoort te word, asook oor die stadia waarop die oorblywende vakke by die onderwysprogram ingeska= kel behoort te word;

(3) dat daar in die onderskeie vaksillabusse voorsiening gemaak sal word vir die indiwiduele leerbehoeftes van leerlinge uit die onderskeie begaafdheidsvlakke deur -

(a) 'n aanduiding te gee van wat beskou moet word as kern= leerstof wat binne bereik van alle normale leerlinge is en deur almal verower moet word, omdat alle verdere vordering daarvan afhang;

(b) 'n aanduiding te gee van uitbreidings- en verrykings= moontlikhede wat aan elke indiwiduele leerling die geleentheid sal bied om volgens eie vermoë en aanleg sy vakkennis te verdiep en te verbreed;

(4) dat daar benewens die sillabusse, voortdurend bykomstige inligtingstukke opgestel word waarin onderwysers volledig ingelig word oor -

---

* Ook Spel, waarby Gesondheidsopvoeding ingesluit is.

(a) die doel wat beoog word met elk van die onderskeie kennisgebiede binne 'n sillabus;

(b) die wyse waarop voorsien kan word in die leerbehoeftes van indiwiduele leerlinge; en

(c) die mate van vryheid wat binne die breë riglyne, soos in die sillabus neergelê, aan die onderwyser gelaat word om die leermateriaal aan te pas by plaaslike om= standighede.

Betreffende aanbevelings insake aanbieding en verwerking in die primêre skool, word in die genoemde verslag (40, p. 172) aanbe= veel -

"(1) dat die kernleerstof in elke vak aan al die leerlinge in die onderskeie vorms aangebied word;

(2) dat daar in die aanbiedingswyse rekening gehou word met die uiteenlopende vermoëns van die onderskeibare begaafdheids= groepe; en

(3) dat daar in die eise wat ten aansien van die verwerking en bemeestering van kernleerstof gestel word, rekening gehou sal word met die beperkte moontlikhede van minderbegaafdes, terwyl aan begaafde leerlinge hoër eise ten aansien van selfstandige kennisverwerwing deur die benutting van die uitbreidings- en verrykingsmoontlikhede, gestel sal word."

Ten aansien van evaluering, eksaminering en toetsing op die pri= mêre onderwysvlak, word in die genoemde verslag aanbeveel -

"(1) dat diensdoende onderwysers en onderwysstudente opgelei word om onder leiding van 'n skoolvoorligter gestandaardi= seerde skolastiese meetmiddels vir bepaling van leerling= prestasiepeil toe te pas;

(2) dat bestaande verstands-, skolastiese en leergereedheids= ondersoek vir die bepaling van leerlingpotensiaal deur die skoolvoorligter in medewerking met die onderwyser in toe= nemende mate gebruik word;

(3) dat die genoemde en ander gestandaardiseerde meetmiddele deur die skoolvoorligter in medewerking met die onderwyser gebruik word vir die bepaling van -

a. leergereedheid, veral ten tye van skooltoelating met die oog op moontlike plasing in die rypingsgroep/voor=

bereidingsklas maar ook tydens die primêre skoolloop=
baan, indien nodig;

b. verstandelike potensiaal, met die oog op die uitken=
ning van onderpresteerders, en as bruikbare groeperings=
kriterium;

c. skolastiese aanleg, as voorspeller van leerlingpoten=
siaal en van verwagte prestasie op sekere vak- of ken=
nisgebiede; en

d. leertekorte met die oog op remediëring daarvan;

(4) dat evaluering (eksaminering en toetsing) bestaan uit ge=
gradeerde meting van parate kennis en begripmatige denke"
(40, p. 173).

3. Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat die hierbo aangehaalde aanbevelings aan=
vaar sal word vir die primêre afdeling van skole vir epileptici
in die Republiek van Suid-Afrika.

d. Verstandelik gestremde epileptiese leerlinge

1. Motivering

Verstandelik gestremde leerlinge aan skole vir epileptici moet
dieselfde kurrikula en sillabusse volg as verstandelik gestremde
leerlinge wat nie aan epilepsie ly nie. In die gewone onder=
wysbestel ontvang verstandelik gestremde leerlinge hul onderwys
aan spesiale skole wat beheer word deur die provinsiale onder=
wysdepartemente. Onderwys aan verstandelik gestremde leerlinge
is dus buitengewone onderwys. Op versoek van die Komitee vir
Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting het die Raad vir Gees=
teswetenskaplike Navorsing dan ook 'n ondersoek na gedifferen=
sieerde onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge onderneem.
Die verslag is opgestel deur Maat (30) en is 'n omvangryke onder=
soek wat kulmineer in gevolgtrekkings en aanbevelings ten aan=
sien van aangeleenthede wat onder andere van direkte belang vir
die onderwyser se lesvoorbereiding is. Dit is dus noodsaaklik
dat elkeen wat, op welke wyse ook al, by die onderwys van ver=
standelik gestremde epileptiese leerlinge betrokke is, ook 'n
deeglike studie van genoemde verslag sal maak. Aangeleenthede
soos byvoorbeeld "Die pedagogies bereikbare by die verstandelik
gestremde leerling" word behandel (30), terwyl ook enkele vak=
didaktiese oorwegings by die onderrig van verstandelik gestremde

leerlinge bespreek en aanbevelings ten aansien van die volgende vakke gedoen word:

(a) Taalonderrig

(b) Rekene

(c) Geskiedenis en Aardrykskunde

(d) Natuurstudie

(e) Elementêre Natuurwetenskap

(f) Huisbestuur

(g) Godsdiensonderrig (30).

Onder die opskrif "Verantwoordbare kurrikula en sillabusse" het Maat die volgende aanbeveel:

(1) Kurrikula en sillabusse vir die verstandelik gestremde kind moet voorsiening maak vir sowel die kind wat spesiale onder= wys van meet af aan ontvang as dié wat na verskeie jare in die gewone skool na 'n spesiale klas oorgeplaas word. Voorts behoort daar in die leerplanne spesiale voorsiening gemaak te word vir sowel die kind wat aan die begin van 'n skooljaar tot 'n spesiale klas toegelaat word as die kind wat geduren= de die skooljaar by 'n spesiale klas aansluit.

(2) By kurrikulum- en sillabusbeplanning moet daarteen gewaak word dat veralgemeende standaarde vir die kind vasgelê word. Standaarde behoort "saam met die leerling", dit wil sê ter= wyl die onderwyser die kind leer ken, ontwikkel te word. Spesifieke onderrigsituasies moet deeglik beplan word en ge= noegsame herhalinge van dieselfde idee in verskillende si= tuasies lei tot gewoontes by die leerlinge wat nie maklik verbreek word nie.

(3) Die sillabusse moet funksioneel wees. Dit beteken dat die leerervaringe 'n sekere gebied dek en 'n sekere volgorde sal hê. Die doel hiermee is om die verstandelik gestremde leer= linge in hulle ontplooiing te begelei en te help om 'n sin= volle lewe te lei. Die leerinhoude behoort op die basis van die nood van die kind (geestelik, verstandelik, fisies, maatskaplik en affektief) geselekteer te word. Die hoe= veelheid en moeilikheidsgraad van die leerstof sal van elke leerling se ontwikkelingspeil afhang.

(4) Die seleksie van die leerstof moet dus op daaglikse didak= ties-pedagogiese observasie van elke verstandelik gestremde kind berus. 'n Deeglike studie van elkeen se neigings,



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

vaardighede in die hantering van probleme en belangstellings is 'n vereiste.

(5) In die primêre afdeling moet daar op beroepsverantwoordelik=heid en gesinsbestuur (huisbestuur) klem gelê word.

(6) Die sekondêre sillabus behoort sodanig beplan te word dat voorsiening gemaak kan word vir die soort leerervaring wat die verstandelik gestremde leerling werklik nodig het. Op hierdie vlak is 'n voortsetting van lees, skryf, reken en spel ook noodsaaklik.

(7) Die program moet voorsiening maak vir leerlinge wat kan voor=deel trek uit 'n voortgesette program in voorgenoemde vakke, asook vir leerlinge wat daarin nog swak presteer of slegs tot 'n elementêre funksionele kennis van sekere vakke in staat is.

(8) Estetiese opvoeding met vakke soos Kunsvlyt, Musiek en Liggaamlike Opvoeding moet as net so belangrik vir die ver=standelik gestremde as vir enige ander leerling beskou word.

(9) Daar moet 'n groot mate van buigsaamheid in die kurrikulum en sillabusse wees om voorsiening te maak vir addisionele ervaringe wat 'n veranderende samelewing mag vereis (30).

Uit hierdie aanbevelings is dit duidelik dat die skeidingslyn tussen verstandelik ernstig gestremde en gestremde leerlinge uiters vaag gaan wees en dat klassifisering moontlik probleme gaan lewer - veral vir sover dit epileptiese kinders betref. In die praktyk lewer hierdie klassifisering tans egter nie besondere probleme nie. Die skeiding word hoofsaaklik gemaak op grond van die feit dat sommige kinders, namate hulle ouer word toon dat hulle geen vordering in hulle skoolwerk kan maak nie of dat hulle wel vordering maak, al is dit dan ook van beperkte aard. Differensiasie, met as kriterium verstandelike moontlikhede, kan gedurende die junior primêre skoolperiode dus hoogstens 'n in=terne aangeleentheid wees met as doelstelling veral indiwiduali=sering. Aan die einde van die junior primêre skoolperiode be=hoort die onderwyspersoneel egter wel 'n goeie begrip te kan vorm van die verstandelike moontlikhede van elke kind sodat ná afloop van hierdie tydperk aan die skool voorsiening gemaak kan word vir 'n afdeling vir verstandelik gestremde leerlinge.

Hierdie kinders kan slegs in hoogs uitsonderlike gevalle tot die vlak van die domnormale leerling vorder. Die doel van die on=derwys aan gestremde leerlinge aan skole vir epileptici moet dus gerig wees op die afronding van hul onderwys - dus op voorberei=

ding vir 'n beroepslewe. Maat stel dit duidelik dat die kurrikula en sillabusse vir gestremde leerlinge vloeibaar moet bly omdat dit gedurig verander moet word om by die behoeftes van elke indiwiduele leerling aan te pas. Hierdie eis geld in 'n veel groter mate in die geval van verstandelik gestremde epileptiese leerlinge omdat hulle aan 'n dubbele gestremdheid ly wat 'n voortdurende herformulering van veral die pedagogiese doelstellinge soveel te meer noodsaaklik maak.

2. Aanbevelings

Daar word aanbeveel -

(a) dat kanale geskep word vir direkte skakeling tussen skole vir epileptiese kinders en skole vir gestremde leerlinge ten einde wedersyds op hoogte te bly van aangeleenthede soos veral kurrikula en sillabusse vir verstandelik gestremde leerlinge;

(b) dat die skole vir epileptici die reg moet hê om, in samewerking met die verantwoordelike inspekteurs, kurrikula en sillabusse, wanneer nodig, te wysig, ten einde te voorsien in die spesifieke behoeftes van hulle leerlinge;

(c) dat die verslag insake gedifferensieerde onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge, wanneer dit beskikbaar word, die riglyne moet bied aan die hand waarvan skole vir epileptici hul onderwys aan verstandelik gestremde epileptiese leerlinge beplan.

e. Die sekondêre skool vir epileptiese leerlinge

1. Die verstandelik domnormale epileptiese leerlinge

(a) Motivering

Die domnormale leerlinge aan spesiale skole vir epileptici behoort dieselfde kurrikulum en sillabusse te volg as domnormale leerlinge aan gewone skole. Om dié rede word die bevindinge en aanbevelinge, met betrekking tot die kurrikulum en sillabusse vir domnormale leerlinge, soos vervat in die reedsgenoemde verslag van die RGN (40, p. 181) hier woordeliks aangehaal:

"<u>Die kurrikulum vir domnormale leerlinge</u>

(a) <u>Benadering van die domnormale leerlinge in die primêre skool</u>

Die domnormale leerling moet so vroeg moontlik op die primêre skool geïdentifiseer word sodat deur middel van remediërende en ondersteunende onderwys aan hom die geleentheid gegee kan word om saam met die gemiddelde en bogemiddelde leerlinge sy primêre skoolloopbaan tot aan die einde van vorm 8 (die huidige st. 6) te kan voltooi, indien moontlik.

(b) <u>Duur van die studierigting</u>

Aangesien die domnormale leerlinge se bevatlikheidsvermoë en vordering sodanig is dat hulle in die huidige onderwysstelsel normaalweg nie verder as st. 8 (dit wil sê vorm 10) kan vorder nie, is dit nodig om 'n prakties gerigte kursus vir hierdie leerlinge in te stel wat normaalweg voor st. 10 (dit wil sê vorm 12) en saam met die boonste skoolpliggrens afsluit, maar voorsiening behoort gemaak te word dat leerlinge in indiwiduele vakke verder kan vorder en op vorm 12-vlak (die huidige st. 10) te kan slaag.

(c) <u>Vereistes waaraan die kurrikulum vir die domnormale leerlinge moet beantwoord</u>

Die kurrikulum vir die domnormale leerlinge moet aan die volgende vereistes voldoen:

(1) Die kennisinhoude wat deur die kurrikulum aangebied word, moet die houvasvermoë van die skool op die domnormale versterk, sodat nieteenstaande die bereiking van die skoolleeftydsgrens die gemotiveerdheid en gerigtheid by die leerling sal voortbestaan om minstens tot vorm 10 (die huidige st. 8) op skool te bly.

(2) Die kurrikulum moet ooreenkomstig die domnormale leerlinge se vermoëns en moontlikhede beplan word.

(3) Die kurrikulum moet ook vir die domnormale leerlinge se ontplooiing as persoon voorsiening maak.

(4) Alhoewel die basiese doelstellings met die kurrikulum dieselfde is as vir die normale leerlinge, moet die benadering van die inhoud waar nodig, tog verskil, sodat die domnormales in staat gestel word om sodanige vaardighede te bemeester dat hulle 'n beroep kan kies.

(5) Die inhoud van die kurrikulum moet verband hou met die domnormale se indiwiduele bevatlikheidsvermoë en vor=dering en moet op buigsame wyse toegepas word.

(6) Die inhoud van die kurrikula moet prakties gerig en konkreet van aard wees.

(7) Die omvang van die kurrikulum moet beperk word en nie te veel verskeidenheid besit nie.

(d) Die kurrikulum vir domnormale leerlinge

Met inagneming van die vereistes waaraan 'n kurrikulum vir die domnormale leerlinge moet voldoen, en die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die domnormale leerlinge, word die volgende kurrikulum aanbeveel:

(i) Die kernkurrikulum

Die kernkurrikulum is vir alle domnormale leerlinge verpligtend en bestaan uit:

(1) Die vormende program Die vormende program is vir vorms 8, 9 en 10 (die huidige sts. 6, 7 en 8) die=selfde en bestaan uit: a. Godsdiensopvoeding, b. Liggaamlike Opvoeding (insluitend Gesondheids=opvoeding), c. Estetiese Opvoeding en is nie aan eksaminering onderhewig nie, en d. Skoolvoorlig=ting as 'n diens.

(2) Verpligte eksamenvakke a. Afrikaans, b. Engels, c. Algemene Wiskunde, en d. Geskiedenis.

(ii) Die spesifiek beroepsgerigte kurrikulum

Die spesifiek beroepsgerigte kurrikulum maak vir 'n prakties-tegniese (vir seuns en meisies) en 'n prakties-handelskursus voorsiening, en is soos volg:

(1) Prakties-tegniese kursus vir seuns Ambagsteorie en Werkswinkelpraktyk en Elementêre Tekene ten opsigte van 'n vakrigting. Die volgende vakke of 'n kombinasie van vakke kan oorweeg word:

a. Houtbewerking;

b. Meubelmakery;

c. Sweis- en Metaalbewerking;

d. Loodgieters- en Plaatmetaalwerk;

e. Steenmessel en Pleisterwerk;

f. Motorbakherstelwerk;

g. Pas- en draaiwerk;

h. Motorwerktuigkunde;

i. Elektrisiën;

j. Radiotrisiën;

k. Stoffeerwerk en bekleding; en

l. Skilder- en dekoreerwerk.

(2) Prakties-handelskursus. Die volgende vakke kan oorweeg word:

a. Handel;

b. Rekeningkunde;

c. Tikskrif; en

d. 'n Ander kursus of vak(ke) deur die departe= mentshoof goedgekeur.

(3) Prakties-tegniese kursus vir meisies. Alhoewel 'n prakties-tegniese kursus vir meisies aanbeveel word, word die inhoud nie gestel nie, aangesien 'n Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwys= raad oor hierdie aangeleentheid 'n verslag opstel."

Die gedagte dat slegs 'n klerklike beroep vir epileptici geskik is, blyk nie sinvol te wees nie en word in meeste Westerse lande nie aanvaar nie. Vanweë die gevaar wat epileptiese toevalle vir 'n persoon inhou, word die aantal beroepe in 'n tegniese rig= ting vir hom beperk. Voldoende soorte beroepe in 'n tegniese rigting is egter geskik vir epileptici om die instelling van 'n prakties-tegniese kursus vir seuns en dogters wat aan epilepsie ly, te regverdig.

(b) Aanbevelings.

Daar word aanbeveel -

(1) dat die hierbo aangehaalde bevindings en aanbevelings met betrekking tot die domnormale leerlinge aan gewone skole aanvaar word as geldig vir die domnormale leerling aan skole vir epileptici, met dien verstande dat

(2) <u>die verantwoordelike onderwysowerhede en beherende liggame 'n ondersoek onderneem ten einde te bepaal watter beroepe in 'n tegniese rigting die mees geskikte is vir epileptici, wat impliseer dat werkgeleenthede in dié beroepsrigtings beskikbaar moet wees, en dat aan die skole vir epileptici opleiding in dié rigtings verskaf word;</u>

(3) <u>dat vanweë die terapeutiese waarde van handwerk vir epilep= tiese leerlinge, beide skooltipes A en B voorsiening moet maak vir werkswinkels, maar dat skooltipe A hoofsaaklik voor= siening sal maak vir die opleiding van die domnormale epi= leptiese leerlinge in 'n handelsrigting, terwyl skooltipe B weer hoofsaaklik voorsiening sal maak vir die opleiding van domnormale epileptiese leerlinge in 'n tegniese rigting;</u>

(4) <u>dat domnormale epileptiese leerlinge wat in staat is om se= kere vakke op standerds 8-, 9- en 10-vlak te neem òf oorge= plaas moet word na skooltipe A òf toegelaat moet word om as 'n leerling aan die skool vir epileptici aan te bly, maar bepaalde klasse aan 'n naburige, gewone skool by te woon.</u>

## 2. <u>Die verstandelik normale en bonormale epileptiese leerlinge</u>

### (a) <u>Motivering</u>

Die meerderheid van die sekondêre skoolleerlinge aan die skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika het hulle primêre skoolloopbane aan gewone skole voltooi. 'n Epileptiese kind kan op enige stadium van sy skoolloopbaan probleme ondervind wat dit noodsaaklik kan maak dat hy na 'n spesiale skool moet gaan. On= dersoekers het gevind dat epileptiese kinders oor die algemeen skolasties vertraag is en dat vertraging, in maande of jare uit= gedruk, toeneem namate die kinders ouer word. Die vertraging kan nie aan verstandelike gestremdheid toegeskryf word nie (17, p. 7). Daar is ook gevind dat epileptiese toevalle as sodanig slegs 'n minimale belemmering vir die kind in die leergebeure is. In paragrawe 1.3 en 1.4 is aangetoon dat die epileptiese kind se probleme hoofsaaklik in pedagogiese verwaarlosing gesoek moet word en dat dit alleen reggestel kan word deur ortopedagogiese maatreëls. Daar is ook aangetoon dat epileptiese kinders wat onder die ou bedeling standerd 8 geslaag het, redelik maklik werk kry in die ope arbeidsmark (paragraaf 1.5). Daar is egter ook aangetoon dat baie van hulle slegs werk kry en hulle werk behou deur die feit dat hulle aan epilepsie ly, te verswyg. Baie epi= leptici sukkel om werk te kry, of verloor hulle werk bloot net omdat hulle aan epilepsie ly. Die epileptiese leerling wat 'n

skool vir epileptici bygewoon het, verkeer in hierdie opsig in 'n nadelige posisie. Die indruk bestaan by sommige werkgewers dat indien hy nie sy onderwys aan 'n gewone skool kon ontvang nie, hy ook nie in staat sal wees om sy werk sonder hulp van een of ander aard te doen nie. Ondersoeke het egter getoon dat die ge= halte van die werk wat epileptici doen, gunstig vergelyk met soort= gelyke werk wat gesonde mense doen.

Die epileptiese kind behoort dus soos enige gesonde kind voor= berei te word vir 'n werk op die ope arbeidsmark waar hy met ge= sonde mense kan meeding. Indien die skole vir epileptici neig om die kinders te bestempel as buitengewoon, veral wat betref op= voedings- en dus ook arbeidsmoontlikhede, sal hulle sukkel om werk te kry wat in ooreenstemming met hul aangebore moontlikhede is. Dit is dus noodsaaklik dat veral verstandelik normale en bonormale epileptiese kinders presies dieselfde kurrikula en sil= labusse volg en gelykwaardige sertifikate ontvang as kinders aan gewone provinsiale skole.

Die relevante aanbevelinge met betrekking tot kurrikula en sil= labusse vervat in die verslag wat die RGN in 1970 vir die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys uitgebring het, word daarom hier woordeliks aangehaal (40, p. 178).

"Die kurrikulum van die junior sekondêre skoolperiode

Die kurrikulum maak voorsiening vir algemene onderwys om die leerlinge die geleentheid te gee om kennisinhoude en vaardighede te verwerf wat as basiese werktuie noodsaaklik is om sin en be= tekenis aan die lewenswerklikhede te gee. Die kurrikulum van die junior sekondêre skoolperiode is vir alle leerlinge in alle skooltipes verpligtend en bestaan uit 'n verpligte vormende pro= gram en verpligte eksamenvakke.

(a) Die vormende program van die junior sekondêre skoolperiode

Die verpligte vormende program bestaan uit vakke met 'n feite-inhoud wat 'n bepaalde vorming by die jeugdige in sy op-weg-wees na volwassenheid tot vergestalting wil bring. Die vormende program in vorms 7, 8 en 9 (die huidige sts. 5, 6 en 7) bestaan uit die volgende:

(1) Godsdiensopvoeding;

(2) Liggaamlike Opvoeding waarby Gesondheidsopvoeding en die buitemuurse aktiwiteite ingesluit is;

(3) Estetiese Opvoeding; en

(4) Skoolvoorligting as 'n diens.

(b) Verpligte eksamenvakke

Die volgende vakke sal in vorms 7, 8 en 9 (die huidige sts. 5, 6 en 7) verpligtend wees:

(1) Vorm 7

(i) Afrikaans;

(ii) Engels;

(iii) Geskiedenis;

(iv) Aardrykskunde;

(v) Algemene Wiskunde; en

(vi) Elementêre Natuurwetenskap.

(2) Vorm 8

(i) Afrikaans;

(ii) Engels;

(iii) Geskiedenis;

(iv) Aardrykskunde;

(v) Algemene Wiskunde;

(vi) Algemene Natuurwetenskap;

(vii) Tegniese oriëntering vir seuns en Huishoudkunde (insluitende Naaldwerk) vir meisies; en

(viii) 'n Keusevak(ke) wat opsioneel is.

(3) Vorm 9

(i) Afrikaans;

(ii) Engels;

(iii) Geskiedenis;

(iv) Aardrykskunde;

(v) Algemene Natuurwetenskap;

(vi) Algemene Wiskunde;

(vii) Tegniese oriëntering vir seuns en Huishoudkunde (insluitende Naaldwerk) vir meisies;

(viii) Handelsoriëntering; en

(ix) 'n Keusevak(ke) wat opsioneel is en wat dieselfde kan wees as die keusevakke in vorm 8."

"Die kurrikulum van die senior sekondêre skoolperiode

(a) Differensiasie in studierigtings

Vorms 10, 11 en 12 (die huidige standerds 8, 9 en 10) is die periode in die sekondêre skool waarin onderwys ten volle gedif=ferensieerd aangebied word. Onderwys word ooreenkomstig die leerlinge se bekwaamheid, aanleg en belangstelling aangebied om aansluiting by naskoolse opleiding te vind, sodat in die land se mannekragbehoeftes voorsien kan word. Gevolglik moet die vol=gende studierigtings ingestel word:

(1) Tegniese studierigting (vir seuns en meisies);

(2) handelstudierigting;

(3) landboustudierigting;

(4) natuurwetenskaplike studierigting;

(5) geesteswetenskaplike studierigting; en

(6) kunsstudierigting.

(b) Algemene onderwys en spesifiek beroepsgerigte onderwys

In die senior sekondêre skoolperiode word onderwys aangebied met 'n feite-inhoud wat direk en spesifiek 'n bepaalde vorming beoog, en wat as die kernkurrikulum bekend staan en wat vir alle leer=linge en skooltipes verpligtend is. Aangesien die onderwys in die senior sekondêre skoolperiode by naskoolse beroepsopleiding moet aansluit, word beroepsgerigte onderwys wat op spesifieke vakkombinasies berus en wat op moontlike beroepsrigtings dui, aangebied. Derhalwe sal daar in die senior sekondêre skoolpe=riode 'n klemverskuiwing van algemene onderwys na beroepsgerigte onderwys wees.

(c) Die kernkurrikulum as aangeleentheid van algemene onderwys

Die studierigtings sal 'n gemeenskaplike kernkurrikulum besit wat vir alle leerlinge in alle skooltipes verpligtend is, aange=sien die feite-inhoud van dié vakke direk en spesifiek 'n bepaalde vorming beoog. Die kernkurrikulum bestaan uit:

(1) Die vormende program wat nie aan eksaminering onderhewig is nie, en wat uit die vakke Godsdiensopvoeding en Liggaamlike Opvoeding en uit Skoolvoorligting as 'n diens bestaan; en

(2) die verpligte eksamenvakke wat uit Afrikaans en Engels be=staan.

(d) Vakke waaruit die verskillende studierigtings of kurrikula van die senior sekondêre skool saamgestel kan word

Aangesien Afrikaans en Engels die enigste verpligte eksamenvakke is, sal minstens vier en hoogstens vyf vakke in 'n studierigting gekies moet word. Die vakkeuses moet nie na willekeur geskied nie, maar moet aansluiting vind by die leerlinge se naskoolse opleiding of beroepsbeoefening. Leerlinge wat naskoolse oplei= ding beoog, moet deur die skoolvoorligter sodanig voorgelig wees dat die vakkeuses by die vereistes wat die naskoolse studierig= ting stel, sal aansluiting vind.

(i) Geestes- en natuurwetenskaplike studierigting

Die vakkeuse sal bepaal in welke mate die studierigting 'n geestes- of 'n natuurwetenskaplike of 'n algemene studie= rigting sal wees. So sal dit wenslik wees dat leerlinge wat in 'n natuurwetenskaplike rigting op tersiêre onderwys= vlak wil studeer, minstens Wiskunde as vak sal volg, terwyl meer natuurwetenskaplike vakke die studierigting meer natuur= wetenskaplik gerig sal maak. 'n Keuse kan uit die volgende vakke gemaak word:

(1) Moderne Tale: Duits, Frans, Bantoetaal;
(2) Klassieke Tale: Latyn;
(3) Geskiedenis;
(4) Aardrykskunde;
(5) Kuns en Kunsgeskiedenis;
(6) Musiek;
(7) Natuur- en Skeikunde/Skeikunde/Natuurkunde;
(8) Wiskunde;
(9) Biologie/Plantkunde/Dierkunde;
(10) Geologie;
(11) Huishoudkunde;
(12) Bedryfskennis;
(13) Landbou; en
(14) 'n Ander vak wat deur die Departementshoof goedgekeur is.

(ii) Die handelstudierigting

'n Keuse kan uit die volgende vakke gemaak word:

(1) Derde Taal (Duits, Frans);
(2) Rekeningkunde;
(3) Handel;
(4) Ekonomie;
(5) Tikskrif;
(6) Handelsreg;
(7) Wiskunde;
(8) Snelskrif;
(9) Shorthand;
(10) Handelsrekene (Handelswiskunde);
(11) Rekenoutomaatwiskunde; en
(12) 'n Ander vak wat deur die Departementshoof goedgekeur is.

(iii) Die tegniese studierigting

'n Keuse kan uit die volgende vakke gemaak word:

(1) Wiskunde;
(2) Derde Taal (Frans, Duits, of 'n Bantoetaal);
(3) Masjientekene;
(4) Boutekene;
(5) Werkswinkelteorie en -praktyk;
(6) Skeikunde;
(7) Natuur- en Skeikunde;
(8) Rekenoutomaatwiskunde; en
(9) 'n Ander vak wat deur die Departementshoof goedgekeur is.

(iv) Die landboukundige studierigting

'n Keuse kan uit die volgende vakke gemaak word:

(1) Wiskunde;
(2) Algemene Wetenskap (Landbou);
(3) Landbou-ekonomie;
(4) Veeteelt;

(5) Akkerbou;

(6) Plaaswerktuigkunde;

(7) Spesiale Landbou (Landbouteorie en prakties); en

(8) 'n Ander vak(ke) wat deur die Departementshoof goedge= keur is.

(v) Kunsstudierigting se vakke

'n Keuse kan uit die volgende gemaak word:

(1) Musiek;

(2) Ballet; en

(3) Kuns."

Die aantal leerlinge aan die senior sekondêre afdelings van die skole vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika is so min dat daar per skool nie ernstig aandag gegee kan word aan oplei= ding in meer as een van die studierigtings wat in die aangehaalde gedeelte van die bogenoemde verslag genoem word nie. Daar is egter voldoende aanduidings gevind dat die onderwys vir die epi= leptiese kind aan gewone skole nie altyd na wense verloop nie. Met die uitbreiding wat tans in die voorligtingsdiens aan gewone skole plaasvind, sal die probleem waarskynlik in 'n mate opgelos word. Omdat die leerprobleme van epileptiese kinders baie dik= wels tot die gesinsituasie teruggespoor kan word, word egter voor= sien dat baie van die kinders se probleme nie opgelos sal word solank hulle vanuit die ouerhuis 'n gewone skool bywoon nie. Ter wille van sy onderwys mag dit vir so 'n kind voordeliger wees om na 'n skool vir epileptici te gaan. Dit is egter voor-die-hand-liggend dat die kind en/of sy ouers die sekerheid moet hê dat dié skool in alle opsigte gelykwaardig aan die gewone skool is. Der= halwe is dit nodig dat meer verstandelik normale en bonormale leerlinge oorreed moet word om na die skole vir epileptici te gaan. Die getalle sal egter nooit so groot wees dat die skole, met die oog op differensiasie, voorsiening sal kan maak vir meer as een studierigting nie. Daar word dus voorsien dat daar soms enkele leerlinge aan die skole vir epileptiese leerlinge sal wees wat oor besondere begaafdhede beskik en vir wie se onderwys die skole nie voorsiening sal kan maak nie. Dié kinders het egter steeds behoefte aan ortopedagogiese hulp, en daarom moet aanvaar word dat hulle, terwyl hulle leerlinge aan die spesiale skole is, toegelaat moet word om kursusse aan gewone skole te volg of om net bepaalde klasse in sekere vakke aan gewone skole by te woon.

(b) Aanbevelings

Daar word aanbeveel -

(1) dat die hierbo aangehaalde aanbevelings aanvaar sal word as geldig vir die sekondêre afdeling van die skole vir epileptici;

(2) dat as gevolg van die geringe aantal leerlinge in die senior sekondêre afdelings van die skole vir epileptici slegs skooltipe A voorsiening sal maak vir 'n senior sekondêre afdeling;

(3) dat die skole uitgebrei moet word om voorsiening te maak vir aansienlik meer kinders as wat tans die geval is, aangesien in 'n groter skool beter voorsiening gemaak kan word vir gedifferensieerde onderwys;

(4) dat aan elke skool 'n tweede vise-hoof aangestel word;

(5) dat die hoof, in oorlegpleging met die verantwoordelike inspekteur(s), elke vise-hoof verantwoordelik sal maak vir bepaalde afdelings van die skool met die opdrag dat hy ten volle vertroud sal raak met alle teoretiese en praktiese aspekte betreffende die opvoeding van die groepe kinders vir wie hy verantwoordelik gestel word;

(6) dat elke skool, in oorlegpleging met die verantwoordelike inspekteurs sal besluit oor die studierigting(s) wat hy vir sy leerlinge sal aanbied;

(7) dat die sillabusse wat aan gewone provinsiale skole gevolg word, ook in die skole vir epileptiese leerlinge gevolg sal word;

(8) dat reëlings getref sal word wat dit moontlik sal maak vir leerlinge aan skole vir epileptici om in uitsonderlike gevalle ook klasse aan gewone skole by te woon.

## 2.5 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE DIAGNOSE EN KRITERIA VIR TOELATING TOT SKOLE VIR EPILEPTICI

a. Motivering

Die diagnose van 'n toestand van epilepsie is 'n mediese aangeleentheid. Die Reid-verslag (19, p. 38) noem dat dit in Engeland as 'n leemte gevoel word dat sommige kinders nie voor toelating tot afsonderlike skole vir epileptici volledige neurolo=

giese ondersoeke ondergaan het nie. Uit gesprekke met personeel verbonde aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsie Liga blyk dat gevalle van foutiewe diagnosering al in die Republiek van Suid-Afrika voorgekom het en dat soms na jare eers vasgestel is dat 'n fout begaan is. So 'n foutiewe diagnosering kan vir 'n kind ernstige probleme skep en dit is sinvol om te aanvaar dat elke kind, voor toelating tot 'n skool vir epileptici, volledig deur 'n neuroloog ondersoek moet word. Elke groot provinsiale hospitaal beskik oor 'n epilepsiekliniek en, indien 'n kind se ouers nie 'n neurologiese ondersoek kan bekostig nie, kan die kind na so 'n kliniek gestuur word vir 'n volledige neurologiese ondersoek.

Elke skool vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika beskik oor die dienste van 'n neuroloog, 'n mediese praktisyn en ver= pleërs en/of verpleegsters wat belas is met die mediese behande= ling van die kinders. Die mediese diagnose en behandeling vorm dus nie vir die skool, gesien in die lig van sy opvoedingstaak, die belangrikste of mees problematiese aspek van sy taak met betrekking tot die epileptiese kind nie. Elke kind, ook daar= die kinders wie se epileptiese toevalle nie onder beheer gebring kan word nie, moet opgevoed word tot maksimale ontplooiing. Dit beteken dat die primêre taak van die skool vir epileptici die ovpoeding tot verantwoordelikheid en sedelike selfstandigheid van elkeen van sy leerlinge is. Genoemde skole kan dus nie tevrede wees met slegs 'n mediese diagnose nie. Elke epileptiese kind moet so gou doenlik na toelating tot die skool vir epileptici aan 'n volledige <u>pedodiagnostiese ondersoek</u> onderwerp word. Die persoonsbeeld wat so verkry word, is voorlopig van aard en ver= skaf veral kennis wat noodsaaklik is vir die aanvang van die op= voedende bemoeienis met die kind. Die beeld wat die kind even= tueel as volwassene gaan toon, word nie geheel erflik bepaal nie, maar grootliks deur die aard van sy opvoeding moontlik gemaak. Daar moet dus nie te veel betekenis aan die prognostiese waarde van verkenningsmedia of "toetse" geheg word nie. Die doel met die inskakeling van die media moet egter drieërlei van aard wees: Eerstens moet gepoog word om vas te stel oor welke aangebore moontlikhede die kind beskik. Tweedens moet vasgestel word wat die opvoedingspeil van die kind is. Derdens moet kennis ver= samel word wat die opvoeder in staat sal stel om die kind in opvoedingsituasies te begryp. Die persoonsbeeld wat met die eerste ondersoek verkry is, moet dus gedurig aangevul word sodat deurlopend rekord gehou word van die vordering wat gemaak word met die opvoeding van die kind.

Epileptiese kinders wat ook aan breinbesering ly en wat as gevolg daarvan sensomotoriese en waarnemingstoornisse toon, sal gouer probleme aan gewone skole ondervind. Daar kan dus verwag word

dat 'n groter persentasie van dié kinders na skole vir epileptici sal gaan as wat die geval met epileptiese kinders sonder brein=besering sal wees. Dit is dus belangrik dat, benewens die in=skakeling van die verkenningsmedia of toetse genoem in paragraaf 2.2 b.(6) elke epileptiese kind so gou doenlik na toelating tot die spesiale skool, getoets sal word met die oog daarop om vas te stel watter sensomotoriese en waarnemingstoornisse voorkom.

In die lig van die aanbevelings wat reeds gedoen is, skyn dit sinvol te wees om te aanvaar dat die kriteria vir toelating tot skole vir epileptici moet bepaal dat elke kind wat aan epilepsie ly, kwalifiseer vir toelating. Daar moet egter voorkeur gegee word aan kinders wat sodanige ernstige probleme ondervind dat die onderwys aan hulle in gewone skole misluk, met dien verstande dat hul hoofprobleem epilepsie is en nie een van die ander gestremd=hede wat in Bylae 1 van Wet 41 van 1967 genoem word nie.

b. Aanbevelings

Daar word aanbeveel -

(1) dat elke aansoek om toelating tot 'n skool vir epileptici vergesel moet gaan van 'n verslag van 'n medikus waarin aangedui word watter soort epileptiese toevalle die kind kry;

(2) dat elke kind so gou doenlik na toelating tot 'n skool vir epileptici aan 'n volledige pedodiagnostiese ondersoek on=derwerp word, ten einde te bepaal:

   (a) in welke mate hy pedagogies verwaarloos is;
   (b) in welke mate hy skolasties vertraag is;
   (c) watter sensomotoriese en waarnemingstoornisse vasgestel kan word; en
   (d) in watter mate die sensomotoriese en waarnemingstoor=nisse die kind in sy besigwees met die werklikheid strem;

(3) dat die kriteria vir toelating sodanig gewysig moet word dat bepaal kan word dat elke kind wat aan epilepsie ly, kwalifi=seer vir toelating, maar dat voorkeur gegee sal word aan kinders wat ernstige probleme aan gewone skole ondervind en/of lewer, met dien verstande dat die kind se hoofprobleem epilepsie is en nie een van die ander gestremdhede wat in Bylae 1 van Wet 41 van 1967 genoem word nie;

(4) <u>dat met die oog op die suksesvolle toepassing van gediffe=rensieerde onderwys, die finale besluit oor watter spesiale skool elke epileptiese kind moet besoek, by die Departement van Nasionale Opvoeding moet berus;</u>

(5) <u>dat die Departement van Nasionale Opvoeding die reg moet hê om op enige tydstip 'n kind van een skool vir epileptici te verskuif na 'n ander een wat, volgens die oordeel van die Departement, beter voorsiening maak vir die onderwysbehoef=tes van die besondere kind.</u>

2.6 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE VERSKIL=LENDE DIENSTE WAT DEUR SKOLE VIR EPILEPTICI IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA AAN LEERLINGE GELEWER WORD

a. <u>Motivering</u>

1. <u>Skoolvoorligting</u>

Gedurende die verloop van die ondersoek het dit duidelik geword dat epileptiese kinders met buitengewone, unieke wordingsprobleme worstel, wat impliseer dat die voorligtingsdiens aan epileptiese kinders as van besondere belang vir hul persoonswording beskou moet word. Daar is egter ook gevind dat die probleme van die epilep=tiese kind wesenlik opvoedkundig van aard is. Met enkele uit=sonderings woon al die leerlinge van skole vir epileptici in koshuise. Daar is gevolglik aanbeveel dat die koshuis as pri=mêre opvoedingsruimte ingerig moet word en dat die huisouers in die Ortopedagogiek geskool moet wees. Dit volg dan dat voor=ligting aan die epileptiese kinders aan spesiale skole hoofsaak=lik deur die huisouers in die koshuis gedoen behoort te word. Die vraag doen hom nou voor of die behoud van die pos van onder=wyser-sielkundige (of voorligter-onderwyser) nog geregverdig kan word. Hierdie vraag moet positief beantwoord word. Daar is aangeleenthede wat betrekking het op voorligting aan die epilep=tiese kind wat liefs in een sentrale kliniek deur een skoolvoor=ligter behartig behoort te word. Sommige hiervan is -

(a) die afneem van die elektroënsefalogram waarvoor spesiale opleiding nodig is;

(b) die afneem van indiwiduele IK-toetse;

(c) hulp met die afneem en interpretasie van gestandaardiseerde skolastiese toetse;

(d) hulp en leiding aan die huisouer en leerling met betrekking tot beroepsoriëntering van indiwiduele leerlinge;

(e) die afneem van toetse om spesifiek sensomotoriese en waar= nemingstoornisse te bepaal;

(f) die samestelling van pedoterapeutiese programme vir indiwi= duele kinders met die oog daarop om die kinders te help om bepaalde waarnemingstoornisse te remedieer;

(g) voorligting aan onderwysers met betrekking tot die aard van die ortodidaktiese hulp wat elkeen van die leerlinge nodig het; en

(h) die behartiging van voorligtingsklasse volgens 'n voorafop= gestelde sillabus.

Die skoolvoorligtingsdiens is dus suiwer 'n hulpdiens wat nie die ortopedagogiese program wat in die koshuis gevolg word, mag oor= neem nie.

2. Klinies-sielkundige dienste

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die probleme waar= mee die epileptiese kind worstel, feitlik altyd teruggevoer kan word tot belemmerende momente wat in die kind se opvoeding inge= tree het. Die hulp wat hierdie kinders nodig het, is dus feit= lik deur die bank ortopedagogies van aard (kyk paragrawe 1.2 en 1.3).

Dit is egter ook duidelik dat 'n minderheid van die kinders wat tot die skole toegelaat word, se probleme sielkundig van aard is. Hierdie sielkundige afwykings hoef nie in verband te staan met die epileptiese toevalle nie. Hier word veral gedink aan aange= leenthede soos onder andere psigopatie, manies-depressiwiteit en, ooreenkomstig die jongste bevindinge selfs skisofrenie (43 en 44). Baie van die sielkundige afwykings kan egter ook gewyt word aan subkliniese uitbarstings, veral in die temporale kwab van die brein. Dit is egter byna onmoontlik om altyd te bepaal of 'n kind se gedrag deur 'n subkliniese epileptiese uitbarsting gerig is en of hy bewustelik behoorlikheidseise verontagsaam het.

Die huidige onderwyser-sielkundiges aan spesiale skole vir epi= leptici is nie opgeleide kliniese sielkundiges nie. Dit is ook sinvol om te aanvaar dat dit vir die skole baie moeilik sal wees om die voltydse dienste van kliniese sielkundiges te bekom. Die aantal kinders wat sielkundige afwykings toon, is ook so min dat dit in elk geval nie die dienste van 'n voltydse kliniese siel= kundige regverdig nie.

Dit is dus sinvol om te aanvaar dat wanneer 'n kind nie deur op=voedkundige maatreëls gehelp kan word nie, hy vir sielkundige waarneming na 'n toepaslike inrigting gestuur moet word.

### 3. Terapeute

Die hoof van een skool vir epileptici in die Republiek van Suid-Afrika is van mening dat dit noodsaaklik is dat elke skool vir epileptici oor die dienste van 'n spraakterapeut moet beskik. In die Republiek van Suid-Afrika is nog geen wetenskaplike ondersoek na die noodsaaklikheid vir die instelling van so 'n pos aan dié skole onderneem nie. Siegenthaler se ondersoek in Switserland (47, p. 222) dui egter daarop dat die dienste van 'n spraaktera=peut noodsaaklik mag wees. Dit is moontlik dat baie van die spraakprobleme waarmee sommige epileptiese kinders worstel, sal verdwyn indien meer aandag aan die affektiewe sy van die opvoe=ding - veral die opvoeding in die koshuis - gegee word. Die dienste van 'n spraak-, arbeids- en fisioterapeut aan die skole vir epileptiese kinders is egter noodsaaklik omdat sonder dié terapeutiese hulp belangrike dimensies van die kinderlike persoon hoofsaaklik ongevormd sal bly.

### 4. Mediese en paramediese dienste

Die huidige opset waarbinne hierdie dienste gelewer word, blyk bevredigend te wees en daar bestaan geen redes om aanbevelings met betrekking tot die reorganisasie van hierdie dienste te oorweeg nie.

## b. Aanbevelings

Daar word aanbeveel -

(1) dat ooreenkomstig die aanbevelings soos vervat in die Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting (40, p. 193), die benaming "sielkundige dienste" aan skole vir epileptici verander word na die benaming "Skoolvoorlig=tingsdiens" en dat die aanbevelings soos vervat in die ge=noemde verslag, met die nodige wysiginge in fyner besonder=hede, van toepassing sal wees op skole vir epileptici;

(2) dat met die samestelling van die personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdiens voorsiening gemaak sal word vir die pos van ortodidaktikus wat belas moet wees met die toepas=sing van intensiewe ortodidaktiese hulpprogramme ten aansien van daardie kinders wat sensomotoriese en waarnemingstoor=nisse toon;

(3) <u>dat die Departement van Nasionale Opvoeding die poste van spraak-, arbeids- en fisioterapeute aan die skole vir epi= leptici sal instel.</u>

## 3 SLOTOPMERKING

Die voorgaande ondersoek het aan die lig gebring dat die proble= matiek van formele onderwys aan epileptiese kinders voorafgegaan word deur die problematiek van die opvoeding van dié kinders, ver= al ten aansien van affektiewe en normatiewe opvoeding. Epilepsie vorm 'n unieke gestremdheid vir 'n kind en die opvoeding van die epileptiese kind stel buitengewone eise aan die ouer as opvoeder. Die natuurlike ouer bly nietemin die mees geskikte opvoeder vir die epileptiese kind en selfs wanneer sy opvoedingshandelinge nie ten volle aan ortopedagogiese kriteria voldoen nie, bly die ver= troude ouer-kind-verhouding nog vir die kind van veel groter waarde as die meer formele onderwyser-kind-verhouding. Wanneer 'n epileptiese kind skool toe gaan, kring sy radius van mensever= houdinge uit tot ver buite sy familiekring. Eise word aan hom gestel deur mense wat hom nie altyd as epileptiese kind begryp nie. Wanneer die situasie tuis gunstig is, slaag die kind daar= in om nie opsigtelik problematies te word nie. Aanduidings is egter gevind dat epileptiese kinders aan gewone skole oor die al= gemeen nie na wense presteer nie. Die probleme wat die kind op skool ervaar, gaan ongetwyfeld sy ouers ontstel en kan in baie gevalle daartoe lei dat die opvoeding van die kind gaan skeef loop. Indien die kind se ouers nie oor die nodige insig beskik om die kind in sy nood te help nie, sal hy hom tot so 'n mate in die skoolsituasie vasgelope voel dat hy uiteindelik na 'n skool vir epileptici gestuur moet word. Die ondersoek bring aan die lig dat daardie epileptiese kinders met 'n swak verstand en daar= die wat die mins verantwoordbare hulp tuis ontvang, eerste pro= bleme op skool ondervind en na 'n skool vir epileptici gestuur moet word. Die gevolg is dat die skool vir epileptici gebrand= merk word as 'n spesiale skool vir verstandelik gestremde en ge= dragsafwykende kinders. Omdat tot op datum nog nie in die vorm van skooltipes gedifferensieer is nie, kon die skole nog nie ge= noegsaam daarin slaag om hulle kinders tot prestasies te lei wat hierdie beeld van die skool sou verander nie. Baie epileptiese kinders wat ernstige probleme aan gewone skole ondervind, word te lank weg gehou van die skole vir epileptici. Terselfdertyd aanvaar ouers van epileptici en personeel verbonde aan gewone skole nie geredelik dat personeel verbonde aan skole vir epilep= tici vir hulle van raad kan dien oor die opvoeding (en onderwys) van epileptiese kinders nie. Ouers veral, soek dikwels raad by medici, wat uit hoofde van hul opleiding en die aard van werk, nie altyd in staat is om ortopedagogiese hulp en raad te verskaf

nie. Die skole vir epileptici is per slot van sake dié sentra wat oor gespesialiseerde kennis betreffende die opvoeding van die epileptiese kind beskik. Die aanbevelings vervat in hierdie verslag is dan ook onder andere daarop gemik om die skole vir epileptici in 'n posisie te plaas om hul beeld na buite te verbeter (veral deur hul leerlinge tot beter prestasies te lei). Die idee is nie alleen om die skole meer aanvaarbaar te maak vir alle epileptiese kinders nie, maar veral ook om ouers en onderwysers aan gewone skole onder die indruk te bring dat die kennis waaroor skole vir epileptici beskik toepaslik is vir die opvoeding en onderwys van alle epileptiese kinders. Die bydrae van die skole vir epileptici moet met ander woorde wyer strek as net direkte hulp aan die minder as tien persent van die epileptiese kinders in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika wat dié skole besoek.

# L I T E R A T U U R L Y S


1. BAGLEY, C. The social psychology of the child with epi= lepsy. London, Routledge and Kegan Paul, 1971.

2. BARNARD, W.H. Die kind met epilepsie in die klas. Pre= toria, Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsie Liga, 1970.

3. BARNARD, W.H. Epilepsie. 'n Handboek vir die versorging en opvoeding van epileptici (drie bande). Privaat pu= blikasie. s.j.

4. BIJL, J. Inleiding tot de algemene didactiek van het basis= onderwijs (2de druk). Groningen, J.B. Wolters, 1960.

5. BIRD, A.V. Epilepsy and the Law in South Africa. In: Rehabilitasie in Suid-Afrika 15(4), Desember 1971, pp. 110-112.

6. BLIGNAULT, A.P. Die epileptiese kind en sy opvoeding. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1943. (M.Ed.- verhandeling.)

7. BRIERLY, J.B. Some aspects of memory due to brain damage. In: RICHTER, D. ed. Aspects of learning and memory. London, William Heinemann Medical Books Ltd., 1966.

8. CHAUNCEY, H. and DOBBIN, J.E. Testing: its place in education today. New York, Harper and Row Publishers, 1963.

9. DELAY, J., et al. The rorschach and the epileptic person= ality. New York, Logos Press, 1958.

10. ERASMUS, J.A. Epilepsie in die kinderjare. Mediese, op= voedkundige en sosiale aspekte. In: Mediese bydraes 14(21), Oktober 1968, pp. 518-521.

11. EVANS, M. A ray of darkness. London, Arthur Barker Ltd., 1952.

12. FAIRFIELD, L. Epilepsy. Modern health series. Gerald Duckworth and Co., Ltd., 1954.

13. FALTHER, A. Family, friends and frustrations. In: Total rehabilitation of epileptics - gateway to employment. Washington DC, US Department of Health, Education and Welfare, 1962.

14. FREED, L.F. The problem of epilepsy. Medico social as= pects. In: Medical proceedings 15(2), January 1969, pp. 26-48.

15. GARBERS, J.G. Die streeflewe van die mens. In: NEL, B.F., SONNEKUS, M.C.H. en GARBERS, J.G. Grondslae van die psigologie. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1965.

16. GARBERS, J.G. Die epileptiese adolessent op die drumpel van volwassenheid. In: Rehabilitasie in Suid-Afrika 15(14), Desember 1971.

17. GASTAUT, H. Enquiry into the education of epileptic child= ren. In: Epilepsy and education. Report of a semi= nar in Marseilles. London, British Epilepsy Associa= tion and International Bureau for Epilepsy, April 1964.

18. GEIST, H. The etiology of idiopathic epilepsy. New York, Exposition Press, 1962.

19. GREAT BRITAIN. Department of Health and Social Security. People with epilepsy. Report of a joint sub-committee of the standing medical advisory committee on the health and welfare of handicapped persons. London, Her Ma= jesty's Stationery Office, 1969.

20. GREGORIADES, A.D. A medical and social survey of 231 children with epilepsy. In: Epilepsia, Journal of the International League against Epilepsy, 4th Series, Vol. 13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

21. HARTLAGE, L.C. and GREEN, J.B. The relation of parental attitudes to academic and social achievement in epilep= tic children. In: Epilepsia, Journal of the Interna= tional League against Epilepsy, 4th Series, Vol. 13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

22. HARTLAGE, L.C., GREEN, J.B. and OFFULT, L. Dependency in epileptic children. In: Epilepsia, Journal of the International League against Epilepsy, 4th Series, Vol. 13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

23. KOK, J.C. 'n Pedagogiese ondersoek na die persoonsbeelde van epileptiese kinders. Pretoria. (UP-publikasies, Opvoedkundige studies, no. 45.)

24. LANDMAN, W.A. en KILIAN, C.J.G. Leesboek vir die op= voedkundestudent en onderwyser. Kaapstad, Juta en Kie., Beperk, 1972.

25. LANDMAN, W.A. en VAN WYK, S. Enkele gesigspunte aan= gaande die betekeniswêreld-verhouding van aangenome kinders. Pretoria. (UP-publikasies, Opvoedkundige studies, no. 50.)

26. LANGEVELD, M.J. Beknopte theoretische pedagogiek. Gro= ningen, Wolters-Noordhoff NV, 1968.

27. LANGEVELD, M.J. Ontwikkelingspsychologie (7de druk). Groningen, Wolters-Noordhoff NV, 1966.

28. LENNOX, W.G. and LENNOX, M.A. Epilepsy and related disorders (two volumes). Boston, Little Brown and Co., 1960.

29. LIVINGSTON, S. Living with epileptic seizures. Charles C. Thomas Publishers, Springfield, USA, 1963.

30. MAAT, S.J. Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, (voorberei vir publikasie).

31. MOSOVICH, A. The significance of seizures in infancy and childhood. Referaat gelewer by die First South African International Conference on Epilepsy, 24-26 April 1972.

32. NANNINGA-BOON, A. Over het verband tussen de structuur van de pedagogische situatie en de taalverwerving. In: SONNEKUS, M.C.H. et al. Psychologia pedagogica sursum. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1970.

33. NEL, B.F. Die aard en betekenis van die affektiewe in die persoonswording van die kind. In: SONNEKUS, M.C.H. et al. reds. Psychologia pedagogica sursum. Stel= lenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1970.

34. NEL, B.F. Pedagogiese verwaarlosing. Pretoria. (UP-publikasies, Opvoedkundige studies, no. 46.)

35. NEL. J.F. *Beroepsoriënteringsproblematiek van die epilep= tiese jeugdige.* Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1967. (M.Ed.-verhandeling.)

36. OBERHOLZER, C.K. *Prolegomena van 'n prinsipiële pedago= giek.* Kaapstad, H.A.U.M., 1968.

37. PENFIELD, W. and JASPER, H. *Epilepsy and the functional anatomy of the brain.* London, Churchill, 1954.

38. PRETORIUS, J.W.M. *Belewing as moment in die leefwêreld van die kind: 'n psigologies-pedagogiese studie.* Pretoria. (UP-publikasies, Pedagogiekstudies, no. 67.)

39. PRINSLOO, C.E. *Aspekte van epilepsie in die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1967. (Navorsingsreeks no. 56.)

40. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Instituut vir opvoedkundige navorsing. *Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekon= dêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika deel 1.* Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.

41. RODIN, E.A. *The prognosis of patients with epilepsy.* Springfield/Illinois, USA, Charles C. Thomas Publisher, 1968.

42. RODIN, E.A. *et al.* Vocational and educational problems of epileptic patients. *In*: *Epilepsia.* Journal of the International League Against Epilepsy. 4th Series, Vol. 13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

43. ROMPEL, H. Enkele gedagtes oor verborge epilepsie. *In*: *Mediese bydraes* 14(23), Nov. 1968, pp. 556-562.

44. ROMPEL, H. Na vier jaar: 'n terugblik en 'n nuwe horison. *In*: *Rehabilitasie in Suid-Afrika* 15(14), Des. 1971, pp. 134-137.

45. RUSSEL, W.R. and NEWCOMBE, F. Contribution from clinical neurology. *In*: RICHTER, D. *Aspects of learning and memory*. London, William Heinemann Medical Books Ltd., 1966.

46. SCOTT, D. *About epilepsy.* London, Gerald Duckworth and Co., 1969.

47. SIEGENTHALER, H. The need for specialised centres for epileptics with scientific special education. (Heil=pedagogik.) *In*: *Epilepsia.* Journal of the International League Against Epilepsy. 4th Series, Vol.13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

48. SMITH, F.B. *Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderwys ontvang nie.* Pretoria, Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Mannekragnavorsing (verslag no. MT-7), 1971.

49. SMITS, H. *Een katamnestisch onderzoek van een groep pa=tienten uit het instituut voor epilepsiebestryding te Heemstede.* Leiden, Stafleu's Wetenschappelijke Uit=geversmaatschappij NV, 1970.

50. SONNEKUS, M.C.H. *Die leerwêreld van die kind as belewe=niswêreld.* Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1968.

51. SONNEKUS, M.C.H. *Die problematiek van die slegsiende kind.* Pretoria. (UP-publikasies, Pedagogiekstudies, no. 55.)

52. SOREL, L. The epileptic worker in the construction indus=try. *In*: *Epilepsia*, Journal of the International League Against Epilepsy, 4th Series, Vol. 13, Jan. 1972. Amsterdam, Elsevier Publishing Company, 1972.

53. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoe=ding. *Handleiding aan skole insake gedifferensieerde onderwys.* Pretoria, Departement van Nasionale Opvoeding.

54. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoe=ding. *Kriteriums vir toelating van leerlinge tot skole vir epileptiese kinders.* Pretoria, Departement van Nasionale Opvoeding.

55. STEENKAMP, C.J. *en* VAN RENSBURG, F.A. *Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika.* Pretoria, Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Verslag no. WS-5 ), 1972.

56. THOMAS, M. Medical rehabilitation. In: Total rehabilitation of epileptics - gateway to employment. Washington DC, US Department of Health, Education and Welfare, 1962.

57. UNITED STATES OF AMERICA. Committee on Child Health of the American Public Health Association. Services for children with epilepsy. New York 19, NY, 1958.

58. VAN DER STOEP, F. Didaktiese grondvorme. Pretoria, Academica, 1969.

59. VAN DER STOEP, F. Taalanalise en taalevaluering as pedagogies-didaktiese diagnostiseringsmetode. Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Publikasiereeks no. 12, Pretoria, H.A.U.M.-Boekhandel, 1965.

60. VAN DYK, J.C. Vanaf vorming tot eksemplariese onderwys. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1969. (D.Ed.-proefskrif.)

61. VAN NIEKERK, P.A. Aandagsfluktuasie as verskynsel by die onderaktualisering van intensionaliteit met spesiale verwysing na die agterlike kind. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1971. (D.Ed.-proefskrif.)

62. VLIETSTRA, N.Y. en KINGSMA, T. De onderwijskundige en sosiale zorg voor gehandicapte jeugd in Nederland. Alphen aan den Rijn, N. Samson NV, 1965.

63. ZEIGARNIK, B.V. The pathology of thinking. Authorised translation from the Russian by Haigh, B. New York, Consultants Bureau, 1965.

RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JANUARIE 1974

## HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JANUARY 1974

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek=dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

### GESKIEDENIS/HISTORY

Genealogy Publication No. 2/Hiller, V.W./The descendants of Richard and Maria Peacock 1820 Settlers/1974/R3,15

Source Publication No. 2/Brits, J.P./Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900-1902/1974/R5,30

### INLIGTING/INFORMATION

IN-20/Coetzee, C.J.S. en Caroline Geggus/Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede/RGN Voorlig=tingsreeks VR-4/1973/R4,35
IN-20/Coetzee, C.J.S. and Caroline Geggus/Tertiary training outside universities and career opportunities/HSRC Guidance Series GS-4/1973/R4,35

IN-21/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die Republiek van Suid-Afrika en in die buiteland 1974/RGN Voorligtingsreeks VR-8/R4,80
IN-21/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the Republic of South Africa and overseas 1974/HSRC Guidance Series GS-8/R4,80

IN-22/Coetzee, C.J.S. en Geggus, C./Opleiding en beroeps=geleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien/1974/RGN Voorligtingsreeks VR-3/R1,40
IN-22/Coetzee, C.J.S. en Geggus, C./Training and career opportunities for school-leavers before Standard Ten/1974/HSRC Guidance Series GS-3/R1,40

## MANNEKRAG/MANPOWER

MM-50/Meij, L.R. en Strauss, F./Die akkulturasie van die Zoeloe-ondernemer in Kwa-Zulu/1974/R1,85

MM-51/Pelser, J.J./Die invloed van die heersende kulturele milieu op die ontwikkeling van entrepreneurskap onder die Tswana in die distrikte Bafokeng en Mankwe/1974/R2,55

MT-20/Roos, W.L./Projek Talentopname: Navorsingsbevindinge - 1973/1974/R0,65
MT-20/Roos, W.L./Project Talent Survey: Research Findings - 1973/1974/R0,80

MT-21/Smith, F.B./Leerlinge met fisieke gebreke en kwale/ 1974/R1,50

MT-22/Marais, F.A.J./Leerlinge met hartprobleme: 'n Psigo=logies-pedagogiese ondersoek/1974/R1,90

## NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar
Research Bulletin/Ten issues per annum

Kwic-index van Navorsingsbulletins, Volumes 1 - 2/1971 - 1972
Kwic-index of Research Bulletins, Volumes 1 - 2/1971 - 1972

RSA 2000 Gesprek met die toekoms/Verskyn twee keer per jaar
RSA 2000 Dialogue with the future/Two issues per annum

## OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-17/Strydom, A.E./Die doeltreffende beplanning en benut=ting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite Deel een/ 1973/R3,25

O-18/Strydom, A.E./Die doeltreffende beplanning en benut=ting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite Deel twee/1973/R6,10

## SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE, KRIMINOLOGIE/SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY, CRIMINOLOGY

S-27/Rip, Colin, M. en Schurink, W.J./Vryetydsaktiwiteite in 'n kleiner gemeenskap wat aan 'n groot stad grens/1974/ R4,05

S-28/Mostert, W.P. and Malherbe, W.S./Fertility and family planning among Indians in Chatsworth, Durban/1974/R2,80

S-30/Strijdom, H.G. en Smith, H.E./Die sorgbehoewende kind - Deel 1: Agtergrond en vorms van benadeling/1974/R1,75

S-32/Lötter, J.M. en Du Plessis, J.L./Aspekte van die sosio-ekonomiese posisie van die Indiërgemeenskap in Transvaal: Statistiese gegewens/1974/R2,15

STATISTIEK/STATISTICS

WS-9/Van Rensburg, F.A.J./Graduation trends for Whites at South African universities 1956-1972, with projections to 1990/1974/R4,60

WS-12/Soskolne, Colin L./A computerised statistical census relating to university education: A group of science and engineering students, University of the Witwatersrand, 1970/1974/R1,45

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

Rosalie Botha/Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente en Hoorspele Nuwe Reeks, deel II 1971 - Source guide for Drama, Ballet, Films and Radio Plays New series, volume II 1971/1974/R4,05

Yvonne Huskisson/The Bantu Composers of Southern Africa - Supplement/1974/R3,15

Loïs Albertyn/Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde Nuwe Reeks, deel II (1971)/1974/R3,45

Rosalie Botha/Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente en Hoorspele Nuwe Reeks, deel III (1972)/1974/R4,70
Source Guide for Drama, Ballet, Films and Radio Plays New series, volume III (1972)/1974/R4,70

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD/PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

Van der Merwe, F.Z./Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie/Tafelberg, 1974

Cop. no 32457

Esterhuysen, M./Gedenkpennings ter ere van President S.J.P. Kruger/Koöperasiepers van SA Bpk., 1973

Verhandelinge van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika/ Proceedings of the Classical Association of South Africa/ ACTA CLASSICA/Volume XVI 1973/A.A. Balkema, Kaapstad

Hunt, K.S./Sir Lowry Cole - A study in Colonial Administra= tion/Butterworth & Co. (SA) (Pty.) Ltd., Durban, 1974

Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika/Aspekte van die Nuwe Testamentiese Hermeneutiek (Neotestamentica 4 1970)/RGN Publikasiereeksnommer 35/Universiteit van Pre= toria, 1974

Mouton, D.J./The behaviour of the firm and the problem of restrictive trade practices/HSRC Publication Series Number 44/J.L. van Schaik Ltd., Pretoria, 1974

Oosthuizen, G.C./The great debate: Abortion in the S.A. Context/HSRC Publication Series Number 47/Howard Timmins, Cape Town, 1974

Kruger, D.W./Die ander oorlog - Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog/RGN Publikasiereeksnommer 49/Tafelberg-Uitgewers, 1974

Shaw, E.M. and Van Warmelo, N.J./The Material Culture of the Cape Nguni, Technology Part 2/Annals of the South Afri= can Museum, P.O. Box 61, Cape Town, 1974

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

ISBN 0 86965 232 X